

Graad R-Wiskunde-
verbeteringsprogram

Aktiwiteitsgids: Kwartaal 1



Afrikaans

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is 'n inisiatief van die **Gauteng Departement van Onderwys** en sy sleutelvennoot, die **Gauteng Education Development Trust**.

Die ontwikkeling en produksie van die opleidings- en klaskamerhulpbronne vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is moontlik gemaak deur ruimskootse projekbefondsing van die **United States Agency for International Development** en die **Zenex-stigting**.

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek word bestuur deur **JET Education Services** met die **Schools Development Unit** aan die **UK** en **Wordworks** as tegniese vennote.

Die **Schools Development Unit (SDU)** aan die **Universiteit van Kaapstad (UK)** is die tegniese vennoot vir wiskunde vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek. Die SDU is 'n eenheid binne die School of Education van die UK wat op die professionele ontwikkeling van onderwysers ten opsigte van Wiskunde, Wetenskap, Geletterdheid/Taal en Lewensvaardighede van Graad R tot Graad 12 fokus. Die SDU bied onderwyskwalifikasies en goedgekeurde kortkursusse van die UK, skoolgebaseerde werk, materiaalontwikkeling en navorsing om onderrig en leer in alle Suid-Afrikaanse kontekste te ondersteun.

Hierdie uitgawe van die wiskundemateriaal het gebaat by die betrokkenheid van kollegas by Wordworks en is verbeter deur dit in ooreenstemming te bring met die materiaal van die Taalverbeteringsprogram. Dit is verryk deur die werk van amptenare van die subdirektorate vir Vroeëkindertontwikkeling- en Grondslagfase-kurrikula van die Gauteng Departement van Onderwys op distriks- en provinsiale vlak, wat waardevolle bydraes gelewer het tot die inhoud van die materiaal en konstruktief meegewerk het om te verseker dat dit in ooreenstemming is met provinsiale beleid, praktyke en waardes.

ERKENNINGS

Spesiale dank aan:

- ★ Die amptenare van die Direkoraat: Kurrikulum, Direkoraat: Onderwyseropleiding en Direkoraat: Spesiale Onderwys van die Gauteng Departement van Onderwys vir hul bydrae tot die aanpassing van ons materiaal.
- ★ Kollegas van Wordworks, tegniese vennoot vir taal vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek, vir samewerking aan die materiaalontwikkeling.
- ★ Amptenare en onderwysers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir hul bydrae tot die suksesvolle implementering van die Grade R Mathematics Programme (*R-Maths*) in die Wes-Kaap tussen 2016 en 2019.
- ★ Die *R-Maths*-skryfspan: SDU-personeel en -konsultante, en amptenare van die WKOD.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is aangepas uit *R-Maths*, eerste uitgawe in 2017 deur die Schools Development Unit, Universiteit van Kaapstad. Kopiereg van *R-Maths* berus by die Universiteit van Kaapstad.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0 International Licence [Attribution-Non-Commercial-ShareAlike].



Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Om die volledige voorwaardes vir hierdie lisensie te besigtig, gaan na: <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/>

Programkonseptualisering en -bestuur: Cally Kuhne en Tholisa Matheza

Vertaling- en publikasieprojekbestuur: Arabella Koopman

Vertalingskoördineerder (Afrikaans): Ilse von Zeuner

Vertaling: Anita van Zyl

Redigering en proeflees van Afrikaanse uitgawe: Ilse von Zeuner, Language Mechanics

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Geset deur: Jenny Wheeldon

Ontwerp: Magenta Media

Omslagontwerp: Jacqui Botha

Inhoud

Inleiding	4
Inhoudsoorsig: Kwartaal 1	10
Week 1	12
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 2	19
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 3	27
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 4	35
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 5	43
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 6	51
Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra	
Week 7	60
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 8	68
Fokus van Inhoudsarea: Meting	
Week 9	78
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 10	87
Fokus van Inhoudsarea: Datahantering	
Assessering	96
Hulpbronne	98
Liedjies, rympies en stories	98
Patroontemplate	102

Inleiding

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram (*Grade R Maths*) is gebaseer op 'n goeie kennis van wiskunde, 'n begrip van die vordering in die Graad R-kurrikulum, en 'n besef dat sommige onderrigbenaderings meer geskik is om spesifieke leeruitkomste te bevorder.


Die *Grade R Maths Aktiwiteitsgids: Kwartaal 1* bied 'n struktuur vir die onderrig van wiskunde in die eerste kwartaal van Graad R deur:

- die inhoud van elke Wiskunde-inhoudsarea oor tien weke in volgorde te plaas
- vordering en werkspoed wat binne die vyf inhoudsareas gehandhaaf moet word, te verskaf
- op een hoofinhoudsarea per week te fokus (Onderwerpe uit ander inhoudsareas kan egter gedurende daardie week bekendgestel en geoefen word. Getalverwante leer en onderrig vind elke dag plaas, en word in al die inhoudsareas geïntegreer.)
- aktiwiteite vir die hele klas, onderwyser-gerigte aktiwiteite en onafhanklike groepwerk voor te stel.

Kenmerke van Aktiwiteitsgids: Kwartaal 1

Die volgende kenmerke vorm deel van *Aktiwiteitsgids: Kwartaal 1*:

- 'n Oorsig van die inhoud dui die nuwe kennis en die oefenfokus per week aan.
- Die fokus vir die kwartaal, week en inhoudsarea word duidelik aan die begin van elke week uiteengesit.
- Die kassies vir Onderwerpe, Nuwe kennis en Oefen wys wat in die week behandel sal word.
- Nuwe wiskunde-woordeskat vir die week word per week voorsien.



- Daar is 'n lys van wat jy elke week moet voorberei.
- Wenk-kassies gee idees en herinner jou aan sekere aspekte.
- Integrasie-kassies stel voor hoe wiskunde in ander vakke en in alledaagse aktiwiteite gedurende die dagprogram vir Graad R vasgelê kan word.
- Die kassies waar die onderwyser kan vasstel wat die leerders weet of kan doen, rig waarneming en deurlopende assessering.
- 'n Bladsy met deurlopende assessering is gegrond op die kwartaal se aktiwiteite.
- Hulpbronne en patroontemplate word agter in die gids verskaf.

Grade R Maths in die dagprogram

Roetine is belangrik en leerders geniet die herhaling en voel veilig wanneer hulle weet wat voorlê en wat van hulle verwag word.

Bepanning is ook belangrik om te verseker dat die roetine glad verloop. Lees alles vir die week en berei vooraf al die materiaal voor wat jy vir elke dag nodig sal hê. Pak die materiaal vir die dag die vorige dag uit sodat alles in die oggend gereed is.

Grade R Maths stel 'n volgorde van aktiwiteite voor wat daagliks in 'n vyfdagweek herhaal word. Organisering van die klaskamer en aktiwiteite wat gebruik kan word om wiskunde-konsepte te onderrig en vas te lê, word per week gegee. Dit behels die volgende:

Aktiwiteite vir die hele klas per dag

- Rympie of liedjie
- Mondelinge tel
- Tel van konkrete voorwerpe
- Aktiwiteite en vrae wat verband hou met onderwerpe in die inhoudsarea

Aan die einde van die aktiwiteit vir die hele klas, moet die onderwyser vir die leerders wys wat hulle by elke werkstasie moet doen. Al die materiaal wat hulle benodig, behoort gereed te wees sodat hulle met die aktiwiteite kan begin.



Oorgange: beweging tussen aktiwiteite

Wanneer leerders tussen die mat en die werkstasies beweeg, is dit 'n goeie geleentheid om ritmiese tel en prettige, kreatiewe maniere om te beweeg te oefen, byvoorbeeld, stadig soos skilpaaie, hop soos hasies, stil soos muisies, een-een met hul naam-/prentsimboolkaarte.

Kleingroepaktiwiteite

- Daar is een onderwyser-gerigte aktiwiteit per dag.
- Daar is vier kleingroepaktiwiteite per dag. Hierdie vier onafhanklike aktiwiteite (of selfstandige aktiwiteite) behoort by vier **werkstasies** in die klaskamer opgestel te word – of by die tafels waar leerders sit of staan, of op die mat, of buite. Die groepe roteer in die loop van 'n week na elke **werkstasie**, afhangend van hoe die onderwyser die aktiwiteite beplan het. Herinner leerders om beurte te maak, materiaal te deel en mekaar te help terwyl hulle werk.


Opruimtyd

Leerders moet weet waar die materiaal en toerusting gebêre word. 'n Rak of tafel wat slegs vir wiskunde-toerusting is, sal leerders help om georganiseerd te wees. Moedig leerders aan om mekaar tydens opruimtyd te help. Aanvanklik sal leerders hulp nodig hê en jy sal hulle moet herinner waar om dinge te bêre, maar hulle sal gou 'n roetine leer om dinge te bêre waar dit hoort. Kies elke week groepleiers en helpers om op te ruim. Gee vir hulle spesifieke take en verantwoordelikhede.

Vryekeuse-aktiwiteite

Stel kreatiewe, interessante aktiwiteite beskikbaar waaruit leerders kan kies sodra hulle die aktiwiteit by hul werkstasie voltooi het. Dit kan insluit:

- blokkies of ander konstruksie-speelgoed
- legkaarte
- speeldeeg
- boeke in die leeshoekie
- fantasiespel, byvoorbeeld, winkel-winkel
- bladsye uit werkboeke, of werkblaaië.




Assessering

Waarneming en deurlopende assessering tydens onderwyser-gerigte aktiwiteite en aktiwiteite vir die hele klas bied geleenthede vir insig in, en 'n goeie oorsig van, elke leerder se vordering. Hierdie inligting is belangrik om verdere onderrig en intervensies vir individuele leerders te rig. Die kontrolelys vir deurlopende assessering op bladsye 96–97 van hierdie gids is gegrond op die inhoud wat in Kwartaal 1 onderrig word. Hierdie templaot kan gebruik word om elke leerder se vordering gedurende die kwartaal aan te teken.

Grade R Maths in die klaskamer

Stel 'n area in die klaskamer op wat net vir wiskunde is, en wat naby die mat is. Dit is 'n gedeelde ruimte waar leerders kan bydra tot, en deelneem aan, die onderwerp waarvan hulle leer. 'n Ideale wiskunde-area sal die volgende insluit:

- klein tafeltjie teen die muur
- getallelyn wat met tou en pennetjies gemaak is
- daaglikse weerkaart
- kalender vir elke maand met blokkies vir elke dag
- kaart met die name van die dae van die week
- dagprogram met prente vir die verskillende aktiwiteite
- leerders se naamkaarte en simbole gerangskik volgens hul groepname
- helper-simbole wat vir leerders gegee word volgens die dag van die week
- helperskaart.



Herwinbare materiaal

Bêre herwinbare materiaal in houers met deksels wat duidelik gemerk is (soos: vrugte- en groenteverpakkings, 2 liter-roomyshouers en 500 ml-fetakaashouers). Bêre die houers op 'n rak of iewers waar leerders dit kan bykom. Moedig leerders aan om die voorwerpe weg te pak wanneer dit opruimtyd is indien hulle dit by hul werkstasies of vir vryekeuse-aktiwiteite gebruik het. Hier volg 'n paar idees vir wiskunde-hulpbronne:

- bottelproppies en deksels (verskillende vorms, groottes en kleure)
- bokse van verskillende groottes (tandepasta-, graankos-, koekie-, jellie-, verpakkingsbokse)
- plastiekhouers (500 ml- en 1 liter-bottels, margarienhouders, 250 ml- en 500 ml-jogurthouers, roomysbakke, groenteverpakkings)
- buise en silinders (kartontoiletrolle, kartonhanddoekrolle, karton-tinfoelierolle, blikke)
- eierboksies
- knope, ou sleutels, plastieklepels, roomysstokkies, broodsakkie-knypers
- verskeidenheid balle, boontjiesakke, hoelahoepels.



Ander hulpbronne

Ander nuttige hulpbronne vir die onderrig van *Grade R Maths* sluit in:

- kryte, verf, gom, skêre
- speeldeeg of modelleerlei
- boeke wat vir wiskunde-besprekings gebruik kan word
- boublokke en konstruksie-speelgoed (versamel stukkies afvalhout, indien nodig)
- 'n verskeidenheid legkaarte en speltjies, byvoorbeeld domino's, slangetjies en leertjies, Ludo, Lotto


- lengtekaart
- groot speelkaarte
- speelgeld: munte en note (om in 'n speel-speel-winkel te gebruik)
- groot muurhorlosie met wysers
- balanseerskaal
- krale om te sorteer, in te ryg en patrone mee te vorm
- apparaat om in sand en water mee te speel
- apparaat vir klim, balanseer, swaai en spring.

Die *Grade R Maths* Plakkaatboek

Daar is elf plakkate in die *Grade R Maths Plakkaatboek*. Die plakkate beeld bekende kontekste uit waarby leerders aanklank vind en wat een of ander aspek van wiskunde vasvang, byvoorbeeld, in die klaskamer, op die speelgrond en in die kombuis. Die plakkate is bedoel om belangstelling te wek in, en bespreking te stimuleer van, wiskunde-onderwerpe, wat insluit: getal, patrone, ruimte en vorm, volgorde van tyd, en meting. Die plakkate kan gebruik word om leerders se kritiese denke en redeneervermoë te oefen. Dit is perfek vir die ontwikkeling van probleemoplossingsvaardighede en vir wiskunde-ondersoeke.

Onderwysers kan leerders aanmoedig om die plakkate te bespreek en hul idees te deel deur vrae te stel om hulle te lei om op 'n spesifieke aspek van die plakkaat te fokus, byvoorbeeld:

- Wat sien julle in die prent?
- Waar dink julle is die kinders/mense?
- Wat gebeur in die prent?
- Kan julle vir my 'n storie oor die prent vertel?
- Hoeveel ... kan julle sien? Wat as daar een meer/minder ... is?
- Waar is die ...?
- Wat sal gebeur as ...?
- Wat dink julle gaan volgende gebeur?
- Wat dink julle kan ... sien van waar hulle staan?
- Watter patroon kan julle sien? Beskryf die patroon.
- Watter vorms kan julle sien?
- Watter ... is die langste/kortste?
- Kan julle enige wiskunde-woorde gebruik om iets in die prent te beskryf?



Inhoudsoorsig: Kwartaal I

LET WEL: Fokus van Inhoudsarea en Nuwe kennis is in rooi. Ander inhoud wat in die week gedek word, is in grys.

Fokus van Inhoudsarea	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5
1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	Mondelinge tel van 1–5 Tel voorwerpe van 1–3 Een-tot-een-ooreenstemming	Getal 1 Oplossing van probleme in alledaagse kontekste Mondelinge tel van 1–5 Tel voorwerpe van 1–3 Vaslegging van Week 1 se woordeskat	Tel voorwerpe van 1–5 Mondelinge tel van 1–5 Vaslegging van 1	Getal 2 Mondelinge tel van 1–5 Getal 1 Tel voorwerpe van 1–5	Getalkonsep 1 en 2 Mondelinge tel van 1–5 Tel voorwerpe van 1–5
2. Patrone, Funksies en Algebra					
3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)	Opruimkaart Leerdersimbole Helperskaart Bou 'n legkaart met ses stukke Maak modelle uit speeldeeg/klei Bou met blokkies		Kenmerke van balle en bokse Voorwerpe wat rol of gly Posisie: in en uit Groot en klein Grootste en kleinste	Sirkel Simmetrie Legkaart met ses stukke	2D-vorms: vierkant Rigting: vorentoe en agtertoe Posisie: binne en buite Sirkel Bokse en balle Legkaart met ses stukke
4. Meting	Plaas daaglikse gebeure in volgorde Verjaarsdagkaart				
5. Datahantering	Sorteer volgens kleur Teken	Sorteer volgens kleur	Sorteer volgens grootte		

Fokus van Inhoudsarea	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10
1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	<p>Getal 3</p> <p>Plaas getalle van 1–3 in volgorde</p> <p>Mondelinge tel van 1–5</p> <p>Tel voorwerpe van 1–5</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 1 en 2</p> <p>Probleemoplossing met voorwerpe</p>	<p>Mondelinge tel van 1–10</p> <p>Tel voorwerpe van 1–5</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 1–3</p> <p>Plaas getalle van 1–3 in volgorde</p>	<p>Tel terug van 5–1</p> <p>Mondelinge tel van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–3 in volgorde</p> <p>Tel voorwerpe van 1–5</p> <p>Vaslegging van 1–3</p>	<p>Nul</p> <p>Skatting</p> <p>Probleemoplossing</p> <p>Getalle in bekende kontekste</p> <p>Tel aan van 1–10</p> <p>Tel terug van 5–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–5</p> <p>Plaas getalle van 1–3 in volgorde</p> <p>Getalkonsep 1–3</p>	<p>Mondelinge tel van 1–10</p> <p>Tel voorwerpe van 1–5</p> <p>Plaas getalle van 1–3 in volgorde</p> <p>Getalkonsep 1–3</p> <p>Probleemoplossing</p>
2. Patrone, Funksies en Algebra	<p>Identifiseer patrone</p> <p>Kopieer patrone</p>				<p>Voor en na</p> <p>Kopieer patrone</p>
3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)		<p>2D-vorms: driehoek</p> <p>Voorgrond/ agtergrond</p> <p>Posisie: voor en agter</p> <p>Sirkel, vierkant</p> <p>Simmetrie</p> <p>Groot, klein</p> <p>Legkaarte met ses stukke</p>	<p>Posisie: op, bo-op, onder, langs, tussen</p>	<p>Rigting: op en af</p> <p>Sirkel, vierkant en driehoek</p> <p>Legkaarte met ses stukke</p>	
4. Meting			<p>Volgorde van tyd: dag en nag, lig en donker</p> <p>Lengte: lengtekaart</p>		
5. Datahantering		<p>Sorteer volgens vorm</p>			<p>Versamel, sorteer en stel versamelde voorwerpe voor</p> <p>Bespreek gesorteerde versamelings voorwerpe en doen verslag daaroor</p>

Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Mondelinge tel
- Tel voorwerpe

Nuwe kennis

- Mondelinge tel van 1–5
- Tel voorwerpe van 1–3
- Een-tot-een-ooreenstemming
- Plaas daaglikse gebeure in volgorde
- Verjaarsdagkaart
- Opruimkaart
- Leerdersimbole
- Helperskaart
- Bou 'n legkaart met ses stukke

Oefen

- Sorteër volgens kleur
- Maak modelle uit speeldeeg/klei
- Teken
- Bou met blokkies

Nuwe wiskunde-woordeskat

tel	twee	vier	voor	volgende	sorteer
een	drie	vyf	na	laaste	

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- maak vingerpoppe van die *Grade R Maths*-karakters (bladsy 102)
- prentsimbool vir elke leerder
- prentkaarte vir die aktiwiteite in die dagprogram
- knip klein papiervierkante uit waarop elke leerder sy/haar gesig kan teken (verjaarsdagkaart)
- fotokopieer en kleur prente van elke *Grade R Maths*-karakter in (op die binneblad van die *Plakkaatboek* se voorblad)
- berei 'n muuruitstalling voor (sien Dag 5, bladsy 16)
- maak 6 legkaarte met ses stukke elk (bladsy 112)
- maak getalverwante storieboeke bymekaar
- maak blokkies bymekaar (of maak dit uit stukkies afvalhout).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Plakkaat met klaskamerreëls (sien bladsy 7)
- Prentkaarte vir dagprogram
- Leerdersimbole

1. **Inleiding:** Praat oor hoe ons na mekaar luister, beurte maak en mekaar help.

2. **Leerdersimbole:** Gee vir elke leerder hul eie prentsimbool wat as hul "naamkaartjie" in die klaskamer gebruik sal word, byvoorbeeld, Suid-Afrikaanse vlag, springbok, olifant, besie, skoenlapper, leeu, blom, kar. Vra die leerders om elke prentsimbool te identifiseer en te beskryf.
3. **Plaas gebeure in die dagprogram in volgorde:** Wys vir die leerders die dagprogram se prentkaarte. Bespreek die volgorde van daaglikse aktiwiteite deur na die toepaslike prente te wys. Stal die dagprogram se prentkaarte op die leerders se ooghoogte uit.

Leidende vrae:

- ★ Wat doen julle *voor* julle skool toe kom?
- ★ Wat doen ons *voor* snoep-/verversingstyd ... en *na* snoep-/verversingstyd?
- ★ Wat doen ons *volgende*?
- ★ Wat is die *laaste* ding wat ons doen *voor* ons huis toe gaan?



WENK

Gesels tydens die oggendkring oor die weer en aktiwiteite wat die leerders gedoen het voor hulle skool toe gekom het.

4. **Bekendstelling van kleingroepaktiwiteite:** Verduidelik dat leerders elke dag in klein groepe sal werk. Wys vir leerders die vyf werkstasies. Verduidelik die daaglikse wisseling. Herinner leerders aan groepname. Herinner hulle aan die klaskamerreëls. Verduidelik en demonstreer die aktiwiteit by elke werkstasie. Verduidelik die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: volgorde van daaglikse gebeure; klaskamerreëls.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Plakkaatboek, binneblad van voorblad
- Vingerpoppe
- Rympie: *Vyf in my familie* (bladsy 98)
- Plakkaat met klaskamerreëls (bladsy 7)
- Opruimkaart
- Helperskaart
- Leerdersimbole

1. **Inleiding:** Herinner leerders aan die klaskamerreëls.
2. **Helperskaart:** Bespreek groepe en klaskamerpligte. Stel die helperskaart en opruimkaart bekend. Gebruik die leerdersimbole op die helperskaart en opruimkaart.
3. **Rympie:** Stel die rympie, *Vyf in my familie*, bekend deur die vingerpoppe een-een te wys.



WENK









Onthou om elke dag oor die dagprogram, helperskaart en opruimkaart te praat.

4. **Die Grade R Maths-familiestorie:** Wys vir die leerders die binneblad van die *Plakkaatboek* se voorblad. Praat oor elkeen van die karakters en lees die inligting oor hulle. Almal tel die lede van hierdie familie.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle sien?
- ★ Hoeveel mense kan julle sien? (Wys en tel.)
- ★ Wat onthou julle van hierdie mense?
- ★ Wat is hul name?
- ★ Hoeveel meisies/seuns is daar?
- ★ Hoe oud is hulle?
- ★ Hoe verskil hulle van mekaar? (byvoorbeeld, kort/lank, jonger/ouer)
- ★ Hoeveel mense dra broeke/skoene, ensovoorts?

Meet the characters • Leer ken die karakters
Naba abalingiswa • Naba abalinganiswa

 <p>Mom/Mamma/UMama/UMama Occupation: teacher Favourite colour: orange Favourite activity: walking on the beach or the mountains Beroep: onderwyser Gunstelingkleur: oranje Gunstelingaktiwiteit: stap langs die strand of in die berge Umhala azebhandayo: osawolintshi Athanda ukukwenza: ukufamba ebhulu noma ezimbini Umsibeni: ngumama Umhala azebhandayo: umama Umsibeni athanda ukukwenza: ukufambamba ngasawande okanye ezimbini</p>	 <p>Dad/Pappa/UBaba/UTata Occupation: supermarket manager Favourite colour: blue Favourite activity: reading about other countries Beroep: besuumer van 'n supermark Gunstelingkleur: blou Gunstelingaktiwiteit: lees oor ander lande Umhala azebhandayo: ukufunda okanye abalwazi Athanda ukukwenza: ukufunda ngamanye amazwe Umsibeni: ngumhanga bawekile Umhala azebhandayo: tata Umsibeni athanda ukukwenza: ukufunda ngamanye amazwe</p>
 <p>Mali/Malusi/UMalusi/UMalusi Age: 5 Grade: R Favourite food: ice cream Favourite colour: red Favourite activity: making things that float Ouders: M Grade: R Gunstelingkos: roomys Gunstelingkleur: rooi Gunstelingaktiwiteit: maak goed wat kan dryf Iminyaka: 5 Bango: R Ukufya akubandayo: ayisikhulu Umhala azebhandayo: obomvu Athanda ukukwenza: ukwakha izinto ezintantayo Iminyaka: 5 Umhala: R Ukufya akubandayo: ayisikhulu Umhala azebhandayo: obomvu Umsibeni athanda ukukwenza: ukwenza izinto ezimbini noma</p>	 <p>Laylah/Laylah/ULaylah/ULaylah Age: 8 Grade: 2 Favourite food: pizza Favourite colour: yellow Favourite activity: climbing to the top of everything Ouders: M Grade: 2 Gunstelingkos: pizza Gunstelingkleur: geel Gunstelingaktiwiteit: klouer tot bo-op alles Iminyaka: 8 Bango: 2 Ukufya akubandayo: ipiza Umhala azebhandayo: ukhetha ama phezu kwentlo Iminyaka: 8 Umhala: 2 Ukufya akubandayo: ipiza Umhala azebhandayo: umkhulu Umsibeni athanda ukukwenza: ukugcencela aye kutsho phezu kwentlo jonke</p>
 <p>Granny/Gumma/UGogo/UMakhulu Occupation: retired Favourite colour: purple Favourite activity: singing with a local jazz band Beroep: ontsheeni Gunstelingkos: pizza Gunstelingaktiwiteit: sing saam met 'n plaaslike jazz-band Umsibeni: ukumbhalaphansi Umhala azebhandayo: ukubhambane Athanda ukukwenza: ukucula nabandho yejezi Umsibeni: ukumbhalaphansi Umhala azebhandayo: umkhulu Umsibeni athanda ukukwenza: ukucula nepela lomculo wejezi bokuhlala</p>	 <p>Thami/Thami/UThami/UThami Age: 1 Favourite food: bananas Favourite colour: green Favourite activity: putting things in her mouth Ouders: M Grade: 1 Gunstelingkos: oesango Gunstelingkleur: green Gunstelingaktiwiteit: si akhe in haar mond Iminyaka: 1 Ukufya akubandayo: ibhanana Umhala azebhandayo: ukufaka okobani Athanda ukukwenza: ukufaka izinto eminyeni Iminyaka: 1 Ukufya akubandayo: ibhanana Umhala azebhandayo: ukufaka Umsibeni athanda ukukwenza: ukufaka izinto eminyeni walhe</p>
 <p>Dash/Dash/UDash/UDash Favourite food: sandwiches Favourite activity: running fast Gunstelingkos: toebroodjies Athanda ukukwenza: hardloop vinnig Ukufya akubandayo: isandwichi Umsibeni athanda ukukwenza: ukubakha ngamandla aqhezu</p>	 <p>Pepper/Pepper/UPepper/UPepper Favourite food: fish Favourite activity: sleeping in boxes Gunstelingkos: vis Gunstelingaktiwiteit: slapp in bokse Ukufya akubandayo: imintzi Umsibeni athanda ukukwenza: ukubakha embhokisi Ukufya akubandayo: imintzi Umsibeni athanda ukukwenza: ukubakha embhokisi</p>

English • Afrikaans • isiZulu • isiXhosa

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by elke werkstasie. Verduidelik en wys die aktiwiteit by elke werkstasie. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Plakkaat met klaskamerreëls (bladsy 7)
- Vingerpoppe
- Rympie: *Vyf in my familie* (bladsy 98)
- Plakkaatboek, Plakkaat 4
- **Grade R Maths-familiestorie** (bladsy 98)
- **Helperskaart**
- **Opruimkaart**
- **Leerdersimbole**
- **Papierborde**
- **Pyl vir elke bord**

1. **Helperskaart:** Herinner die leerders aan hul groepe. Herinner hulle ook aan die klaskamerpligte en -reëls. Gebruik vir elke groep hul eie papierbord en plak die leerdersimbole op die papierbord vas, met 'n pyl langsaan. Leerders raak aan die simbole en tel die aantal simbole op elke bord. Gebruik die pyl om na die leerder te wys wat die groepleier in elke groep is.
2. **Opruimkaart:** Plaas 'n leerdersimbool langs elke opruimtaak en verduidelik dat daardie leerder verantwoordelik is vir daardie taak.
3. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf in my familie*, op. Wys die vingerpoppe een op 'n slag en voeg gebare by.

- Mondelinge tel van 1–5:** Tel van 1 tot 5 en klap jou hande op elke getal. Laat die leerders saam met jou klap en tel. Herhaal terwyl jy elke leerder se naam sê deur op elke lettergreep te klap.
- Grade R Maths-familiestorie:** Wys Plakkaat 4 vir die leerders.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle sien?
- ★ Hoeveel kinders kruip weg?
- ★ Hoeveel kinders is agter die deur?
- ★ Hoeveel kinders kan nog onder die tafel inpas?
- ★ Waarom dink julle kruip Ouma nie onder die tafel weg nie?
- ★ Waar kan sy wegkruip?
- ★ Hoeveel troeteldiere is daar?

Wys saam na die volwassenes, kinders en diere op die plakkaat en tel hulle. Vertel die *Grade R Maths*-familiestorie en voer dit saam met die leerders op.

- Kleingroepaktiwiteite:** Bespreek die aktiwiteite by elke werkstasie. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf in my familie* (bladsy 98)
- Klein stukkies papier
- 12 papierborde
- Plakkaatboek, Plakkaat 4

- Rympie:** Sê die rympie, *Vyf in my familie*, op. Leerders wys die korrekte aantal vingers elke keer wanneer hulle 'n getalnaam sê.
- Mondelinge tel van 1–5:** Tel van 1 tot 5, en stamp jou voet op elke getal. Laat leerders saam met jou tel en stamp.
- Tel voorwerpe van 1–3:** Wys vir leerders Plakkaat 4. Wys na drie verskillende items op die plakkaat en tel dit (byvoorbeeld, 'n boek, die stoel, die hond) saam met die leerders.
- Plaas daaglikse gebeure in volgorde:** Vra die leerders wat hulle doen wanneer hulle wakker word. Vra wat hulle doen wanneer hulle by die skool aankom. Vra 'n leerder om na die bypassende prent op die dagprogram te wys. Stel vrae oor die volgorde van aktiwiteite in die dagprogram.

Leidende vrae:

- ★ Wat het ons *voor* wiskunde gedoen?
- ★ Wat gaan ons *volgende* doen?
- ★ Wat gaan ons aan die einde van die dag doen?
- ★ Wat gaan *daarna* gebeur?

5. **Verjaarsdae:** Gee vir elke leerder 'n klein stukkie papier. Laat die leerders hul gesigte op die papier teken. Laat die leerders in rye sit volgens die maand waarin hulle gebore is.

Leidende vrae:

- ★ In watter maand is daar die meeste/minste verjaarsdae?
- ★ In watter maande is daar ewe veel verjaarsdae?

Stal 12 papierborde uit. Skryf die naam van 'n maand op elke papierbord. Plak die gesigte wat die leerders geteken het op die papierborde volgens die maand waarin hulle verjaar.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Bespreek die aktiwiteite by elke werkstasie. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf in my familie* (bladsy 98)
- Leerdersistimbole
- Muuruitstalling

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf in my familie*, op. Leerders wys die korrekte aantal vingers elke keer wanneer hulle 'n getal naam sê.
2. **Mondelinge tel van 1–5:** Leerders lig hul arms op en tel elke keer van 1 tot 5.
3. **Leerdersistimbole:** Leerders identifiseer hul simbole en plak dit dan op die ooreenstemmende blok van die muuruitstalling.

Leidende vrae:

- ★ Waar is jou simbool?
 - ★ Watter kleur is jou simbool?
 - ★ Vertel vir my van jou simbool.
4. **Kleingroepaktiwiteite:** Bespreek die aktiwiteite by elke werkstasie. Herinner leerders aan die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: ontwikkeling van mondelinge woordeskat; beurte maak tydens besprekings; fynmotoriese ontwikkeling.

Kleingroepaktiwiteite

WENK

Daar is geen onderwyser-gerigte aktiwiteite in Week 1 nie. Beweeg tussen die werkstasies rond om leerders waar te neem en te ondersteun.



Neem die leerders waar en let op hoe hulle betrokke raak by die aktiwiteite:

- Hoe neem hulle deel?
- Kan hulle instruksies volg?
- Kan hulle op die aktiwiteit konsentreer?
- Kan hulle deel?
- Hoe kommunikeer hulle met jou en met mekaar?
- Hoe hanteer hulle die hulpbronne?

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- 'n Houer met diere- en vrugtetellers in verskillende kleure (*Hulpbronsel*) vir elke leerder

Leerders sorteer tellers volgens kleur.



Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Speeldeeg of klei

Leerders gebruik speeldeeg of klei om 'n model te maak.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Papier
- Kryte

Leerders teken 'n prent van hul keuse.



WENK

Kies 'n verskeidenheid legkaarte om by die uiteenlopende vermoëns van die leerders te pas.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 'n Legkaart met ses stukke vir elke leerder (sien bladsy 112)

Leerders bou 'n legkaart met ses stukke.

Werkstasie 5

Wat jy nodig het

- Boublokke

Leerders gebruik boublokke om hul eie konstruksies te skep.



Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Getalsimbole
- Getalname

Nuwe kennis

- Getal 1
- Oplossing van probleme in alledaagse kontekste

Oefen

- Mondelinge tel van 1–5
- Tel voorwerpe van 1–3
- Vaslegging van Week 1 se woordeskat
- Sorteër volgens kleur

Nuwe wiskunde-woordeskat

agter

voor

eerste

tweede

derde


Maak gereed



WENK


Gebruik geleenthede in die daaglikse roetine om die nuwe wiskunde-woordeskat bekend te stel.

Onthou om oor die dagprogram te gesels.



Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- maak 'n sakkie vol klein voorwerpe sodat daar een vir elke leerder is
- 'n getalfries vir die getal 1:
 - maak 'n huisvorm op 'n A3-vel papier
 - fotokopieer die patroontemplate op bladsy 103, en kleur dit in – *1, een, een kol, olifant*
 - plak die byskrifte en prente in die huis
- stel die wiskunde-area op met 'n fokus op "1" – soek na prente van enkelvoorwerpe
- maak 15 kolkaarte, elk met een kol
- maak 15 getalsimboolkaarte, elk met "1" daarop (patroontemplate op bladsy 103)
- maak 5 getalnaamkaarte, elk met die woord "een" daarop (patroontemplate op bladsy 103)
- versamel 10 eierboksies (Merk elke eierhouertjie met een, twee of drie kolle. Maak verskillende kombinasies kolle op elke eierboksie.)



- 8 alledaagse voorwerpe, byvoorbeeld tennisbal, beker, pen, haarborsel, skêr, teelepel, sleutel, selfoon
- 8 fotokopieë van die "getal 1"-patroontemplate (bladsy 106) wat met plastiek oorgetrek of in 'n plastiek omslag is
- 3 houerdeksels per leerder in 'n klein groep (nagenoeg 18 deksels).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1



WENK

Herinner leerders aan groepname, die klaskamerreëls en die opruimproses.

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Hokey Pokey* (bladsy 98)
- *Getal 1-storie* (bladsy 99)
- 15 kolkaarte, elk met een kol daarop
- 15 getalsimboolkaarte, elk met "1" daarop
- 'n Verskeidenheid klein voorwerpe, een vir elke leerder
- Getalfries: Getal 1

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *Hokey Pokey*, met aksies, bekend.
2. **Mondelinge tel van 1–5:** Tel en stamp jou voet op elke getal. Herhaal met die leerders wat dit saam met jou doen.
3. **Stel die getal "1" bekend:** Vertel die *Getal 1-storie*. Die diere se huis is die kern van die storie. Wys die dele van die getalfries soos jy die storie bou: die verskeie voorstellings van die getal 1, byvoorbeeld die olifant-prent, die kol, die getalsimbool en die getalnaam. Stal die dele van die fries in die dierehuis op die muur in die wiskunde-area uit.
4. **Liggaamsdele:** Praat oor liggaamsdele waarvan ons net een het, byvoorbeeld een neus, een mond, een kop, een tong.
5. **Identifiseer een voorwerp:** Plaas genoeg klein voorwerpe in 'n sakkie sodat elke leerder een kan vat. Leerders maak beurte om een voorwerp uit te haal. Hulle beskryf die voorwerpe en sê hoe hulle dit sal gebruik. Moedig hulle aan om die woord "een" te gebruik, byvoorbeeld: "Ek het een haarborsel." Plaas nou die voorwerpe op 'n tafel. Vyf leerders plaas 'n kolkaart met een kol en die getalsimboolkaart vir "1" langs vyf voorwerpe op die tafel. Herhaal die proses met twee ander groepe van vyf leerders elk.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Wys vir die leerders die vier werkstasies. Demonstreer die aktiwiteit by elke werkstasie. Verduidelik die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: pak weg volgens prentbyskrifte op rakke, bokse, en houers (ontluikende gelettertheid); liggaamsdele.

Dag 2



WENK

Gebruik rangtelwoorde (ordinale getalle) soos eerste, tweede, derde gedurende roetinetye en wanneer hulle in rye moet staan.

Onthou om elke dag die kalender, dae van die week, maande van die jaar en verjaarsdagkaart te doen.

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Hokey Pokey* (bladsy 98)
- Kaarte met die getalsimbool "1"
- Getalfries: Getal 1
- en kaarte met die getalnaam "een" daarop

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Hokey Pokey*, met die aksies.
2. **Mondelinge tel van 1–5:** Leerders maak of hulle olifante is en stamp hul voete terwyl hulle van 1 tot 5 tel.
3. **Getalfries:** Bespreek die getalfries en die storie van Dag 1.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel olifante woon in die huis?
- ★ Hoeveel bome is daar in die tuin?
- ★ Waarom dink julle woon die olifant alleen?
- ★ Waarom dink julle is daar slegs een bankie in die tuin?
- ★ Watter dele van die storie het julle geniet? Waarom?

Gee vir leerders die kaarte met die getalsimbool "1" en die getalnaam "een" daarop. Hulle pas dit by "1" en "een" op die getalfries.

4. **Liggaamsdele:** Speel 'n speletjie. Leerders moet slegs dit wat jy doen naboots as dit korrek by jou woorde pas:
 - ★ Ek het een neus. (Raak aan albei oë.)
 - ★ Ek het een mond. (Raak aan albei ore.)
 - ★ Ek het een nek. (Raak aan jou nek.)
 - ★ Ek het een kop. (Raak aan jou tone.)

Leerders wys na die liggaamsdele waarvan hulle slegs een het. Hulle herhaal: "een kop, een neus, een mond, een ken, een nek" terwyl hulle na hierdie liggaamsdele op hul eie liggame wys.

5. **Oefen die getal "1":** Vra: "Wie kan iets sien waarvan daar slegs een in die klaskamer is?" Gee vir elke leerder wat antwoord 'n kaart met die getalsimbool "1" daarop. Leerders plaas die kaart op die voorwerp. Wys leerders hoe om die getalsimbool "1" in die lug te "skryf". Leerders "skryf" "1" in die lug, op hul hande en bene en op 'n maat se rug.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Hokey Pokey* (bladsy 98)
 - Verskillende voorwerpe (byvoorbeeld, speelgoedkarretjies, blokkies, sokkies, balle) in groepe
- van 1, 2 en 3 oral in die klaskamer geplaas. Die groepe voorwerpe behoort op leerders se ooghoogte en maklik sigbaar te wees.

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Hokey Pokey*. Voeg nog 'n versie by waarin die leerders 'n ander deel van hul liggame gebruik, byvoorbeeld 'n arm of vinger.
2. **Mondelinge tel van 1–5:** Leerders marsjeer op die plek terwyl hulle tot by vyf tel.
3. **Tel voorwerpe van 1–3:** Leerders soek na die groepe voorwerpe in die klaskamer, byvoorbeeld 1 bal, 2 blokkies, ensovoorts.
Speel "Ek sien met my klein ogie", byvoorbeeld: "Ek sien met my klein ogie, een ding wat rond is." (een bal); "Ek sien met my klein ogie, twee dinge waarmee jy kan ry." (twee karretjies); "Ek sien met my klein ogie, drie dinge wat ek kan gebruik om 'n toring te bou." (drie blokkies). Wanneer 'n leerder die voorwerp/e korrek identifiseer, bring hy/sy dit vorentoe. Raak daaraan en tel dit saam met die klas.
4. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Rympie: *Piesangs* (bladsy 98)
- *Plakkaatboek*, Plakkaat 4
- *Grade R Maths-familiestorie* (bladsy 98)
- 5 kolkaarte, elk met een kol
- 2 sokkerballe

1. **Rympie:** Stel die rympie, *Piesangs*, bekend.
2. **Mondelinge tel van 1–5:** Leerders klik hul vingers en tel tot by vyf.
3. **Tel voorwerpe van 1–3:** Vertel die Plakkaat 4-storie (*Grade R Maths-familiestorie* (bladsy 98)).

Leidende vrae:

- ★ Wat is die name van die mense en wat is die naam van die hond?
 - ★ Hoeveel kinders kan julle sien?
 - ★ Waarom dink julle is Pappa nie in hierdie prent nie?
- Almal tel saam hoeveel mense en hoeveel diere daar is.
- ★ Is daar meer mense of meer diere in die prent?
 - ★ Wat kan julle in die prent sien waarvan daar slegs een is?



- ★ Wat kan julle sien waarvan daar twee is?
- ★ As ons in hierdie prent 'n groep van drie dinge maak wat bymekaar pas, wat sal dit wees?

Leerders maak beurte om na voorwerpe in die prente te wys. Leerders plaas 'n kolkaart met een kol daarop waar daar slegs een voorwerp is.

4. **Probleemoplossing:** Praat oor Plakkaat 4.

Leidende vrae:

- ★ Wie dink julle speel met hierdie sokkerbal?
- ★ As Laylah en Malusi albei 'n bal wil hê, hoeveel balle sal Mamma nog moet koop? (Gebruik twee leerders en twee sokkerballe om te demonstreer.)
- ★ Hoeveel katte kan julle sien?
- ★ Hoeveel bekere is op die tafel?
- ★ Is daar meer mense of meer bekere?
- ★ Hoeveel bekere sal ons nog nodig hê as ons vir al die mense in die prent een wil gee?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Piesangs* (bladsy 98)
- Voorwerpe in die klaskamer
- Kaarte met die getalsimbool "1" daarop, kolkaarte elk met een kol, en kaarte met die getalnaam "een" daarop

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Piesangs*, op.
2. **Mondelinge tel van 1–5:** Leerders knik hul koppe en tel tot by vyf. Herhaal.
3. **Tel voorwerpe van 1–3:** Doen 'n bewegingsreeks deur drie verskillende aksies te gebruik, byvoorbeeld, een stamp van die voete, twee kopknikke en drie handklappe. Herhaal 'n paar keer. Vra leerders om drie verskillende aksies voor te stel om 'n nuwe reeks te skep.
4. **Vaslegging van die getal "1":** Vra 'n paar leerders op 'n slag om 'n voorwerp in die klaskamer te gaan haal en dit op die wiskundetafel neer te sit. Gee vir ander leerders 'n kaart met die getalsimbool "1" daarop of 'n kolkaart met een kol daarop om by die voorwerp op die tafel te sit. Herhaal.
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: wees op die uitkyk vir stories en ander aktiwiteite waarin "een" voorkom.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 'n Handvol tellers vir elke leerder
- Vir elke leerder 'n houër met:
 - 'n Kolkaart met een kol en 'n getsimboolkaart met "1" daarop
 - Prentkaart wat een voorwerp voorstel
- 3 dieretellers
- 8 voorwerpe om by die prentkaarte te pas
- 3 plastiek-jogurtdeksels vir elke leerder
- Ekstra dieretellers
- Speeldeeg

1. **Tel voorwerpe – een-tot-een-ooreenstemming:** Plaas 'n stapel tellers van verskillende kleure voor elke leerder. Leerders raak daaraan en tel dit.
2. **Sorteer:** Leerders sorteer hul dieretellers volgens kleur. Hulle tel hoeveel van elke kleur hulle het.
3. **Oefen die getal "1":** Plaas die agt voorwerpe wat by die prentkaarte pas, op die mat. Vra elke leerder om een voorwerp uit die stapel in die middel van die sirkel te kies wat by hul prentkaart pas. Leerders pas die getsimboolkaart by hul prentkaarte. Leerders ruil prentkaarte met mekaar uit en herhaal.

Gee vir elke leerder drie plastiek-jogurtdeksels. Vra leerders om een diereteller uit hul houers op elke deksel te plaas. Leerders plaas kaarte met kolle, getsimbole en getalname langs elke deksel. Plaas 'n paar ekstra dieretellers op een van elke leerder se deksels. Vra die leerders om die tellers te verwyder sodat elke deksel weer slegs "een" het.

Vorm/skryf "1" in die lug. Gee vir elke leerder 'n klein bietjie speeldeeg en vra hulle om die vorm van die getsimbool "1" te maak.



WENK

Neem leerders waar, ondersteun hulle en stel vrae. Dit is belangrik om te weet wat hulle reeds kan doen sodat jy op hul voorkennis kan bou. Hou omvattende notas oor elke leerder.



Maak seker leerders kan:

- die tellers volgens kleur sorteer
- 'n groep voorwerpe tel deur een-tot-een-ooreenstemming te gebruik
- een voorwerp by die prentkaart en leerdersimbool pas
- die getalsimbool "1" by 'n prentkaart vir "1" en een voorwerp pas

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- 10 eierboksies wat met groepe kolle van een tot drie in elke eierhouertjie gemerk is
- 'n Stapel vrugtetellers vir elke leerder

Leerders kies 'n eierboksie. Hulle pas die korrekte aantal vrugtetellers by die aantal kolle in elke eierhouertjie. Leerders herhaal dit met verskillende eierboksies.



Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Kryte
- Papier

Leerders gebruik speeldeeg om een voorwerp te maak. Leerders teken 'n prent van daardie voorwerp.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 1 vir elke leerder (bladsy 106)
- Speeldeeg

Leerders gebruik speeldeeg om die getal "1" te vorm, om een bal speeldeeg te rol om op die boom te sit en om een bal speeldeeg te rol om op die rooster te plaas.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Boublokke

Leerders gebruik boublokke om enigiets van hul keuse te bou.



WENK

Onafhanklike aktiwiteite kan inryg, die gebruik van pennetjeborde, vasmaak van knope, oop- en toetrek van ritssluiters en teken en verf insluit.

Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Herken, identifiseer en benoem 3D-voorwerpe
- Beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe met mekaar: balle en bokse
- Posisie, oriëntasie en aansig: in en uit

Nuwe kennis

- Tel voorwerpe van 1–5
- Kenmerke van balle en bokse
- Voorwerpe wat rol of gly
- Posisie: in en uit
- Groot en klein
- Grootste en kleinste

Oefen

- Mondelinge tel van 1–5
- Vaslegging van 1
- Sorteer volgens grootte

Nuwe wiskunde-woordeskat

rol	klein/kleinste	sy	reguit
gly	in	hoek	plat
groot/grootste	uit	rand	rond

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 5 A4-grootte prente van piesangs
- 5 klein kartonvissies
- 1 groter kartonvis, groot genoeg sodat die 5 klein kartonvissies daarop kan pas
- 2 middelslag kartonbokse, een met 'n prent wat sê "groot" daarop en een met 'n prent wat sê "klein" daarop
- 'n klein op-/afritbaan wat gemaak word met 'n hardebandboek, 'n houtbord/plank of 'n tafelblad wat op 'n klein klipie of boksie rus
- koerant
- 12 klein kartonboksies, byvoorbeeld tandepasta-, seep- of speseryboksies
- 'n versameling balle van verskillende groottes.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Piesangs* (bladsy 98)
- 5 prente van piesangs
- 'n Versameling bokse en balle van verskillende groottes

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Piesangs*, op.
2. **Mondelinge tel:** Die leerders klap op hul knieë en tel van 1 tot 5.

3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Ses leerders staan voor. Gee vir een van die leerders die vyf prente van piesangs. Almal sê die *Piesangs*-rympie op terwyl die leerder met die piesang-prente vir elk van die ander vyf leerders wat voor in die klas staan, een prent gee. Bespreek:

- ★ Hoeveel piesangs hou *elke* leerder vas? (Tel een vir elke leerder.)
- ★ Hoeveel piesangs is daar altesaam? (Tel die piesangs.)

Twee leerders bly staan. Die ander gee hul prente van die piesangs vir hulle en gaan sit. Vra vir die klas wie die meeste piesangs het en wie die minste het. Tel die piesangs wat elke leerder het.

4. **Ontdek die kenmerke van bokse:** Plaas vyf bokse van verskeie groottes op die mat. Tel die bokse. Hou 'n boks op en bespreek wat jy sien.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie boks vertel?
- ★ Kan enigiemand vir my wys waar jy 'n hoek in ons klaskamer kan sien? (Vra een leerder om in 'n hoek te gaan staan.)
- ★ Kan enigiemand vir my 'n hoek in hierdie boks wys?
- ★ Kom ons tel al die hoeke van die boks.
- ★ Kan julle vir my een sy van die boks wys?
- ★ Kan julle vir my 'n ander sy van die boks wys?
- ★ Hoeveel sye is daar altesaam?
- ★ Waar is die rand van die boks?
- ★ Kan ons al die rande tel?

5. **Ontdek kenmerke van balle:** Hou 'n bal op sodat die klas dit kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie bal vertel?

Vra die leerders om in 'n kring te sit en die bal vir mekaar aan te gee. Terwyl dit van leerder na leerder aangegee word, beskryf hulle die vorm van die bal. Probeer die leerders sover kry om vir jou te sê dat dit rond is en dat dit geen hoeke of rande het nie.

- ★ Wat kan julle vir my van die oppervlak van die bal vertel?
- ★ Het die bal hoeke of rande?

6. **Gly en rol:** Leerders rol 'n bal na mekaar toe. Beskryf hoe die bal beweeg: ons "rol" dit. Wys vir die leerders 'n boks.

Leidende vrae:

- ★ Hoe beweeg die bal?
- ★ Kan ons die boks rol?
- ★ Wat is die beste manier om die boks oor die vloer te laat beweeg? (Probeer die leerders sover kry om te sê: "Dit moet gly.")

7. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.



WENK

Gebruik wiskunde-woordeskat soos: rond, sye, hoeke, rande, reguit en plat wanneer jy na ander voorwerpe in die klaskamer, byvoorbeeld lessenaars, boeke of blokkies, verwys.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een babavissie* (bladsy 99)
- 5 kartonvissies
- 'n Leë boks om die vissies in te sit
- 'n Versameling balle en bokse van verskillende groottes
- 'n Tamboeryn en rammelaars

1. **Sê die rympie op en tel voorwerpe van 1–5:** Hou die vyf kartonvissies op en tel hulle terwyl die leerders die rympie, *Een babavissie*, opsê. Vra vyf leerders om te staan en elkeen een vissie vas te hou. Hierdie vyf leerders plaas die vissies in 'n boks en almal sê die rympie saam op.
2. **Mondelinge tel van 1–5:** Tel van 1 tot 5 op die maat van 'n tamboeryn of rammelaar.
3. **Probleemoplossing:** Gebruik die vyf vissies in die boks om probleme op te los.

Leidende vrae:

★ As ek genoeg vissies uithaal om een in elke hand vas te hou, hoeveel vissies sal ek vashou?

★ As ek nog een vissie uithaal, hoeveel vissies sal ek vashou?

Tel 1, 2, 3 vissies saam met die klas. Haal nog een vissie uit en tel 1, 2, 3, 4 saam. Herhaal dit en tel tot by 5.

★ Hoeveel vissies sal ek in my hand vashou as ek een vissie in die boks terugsit?

4. **Sorteer en vergelyk balle en bokse met mekaar:** Pak 'n versameling bokse en balle van verskillende groottes op die mat uit. Vra leerders om vir jou iets te wys wat hoeke het, wat rond is, iets met rande, en iets wat kan rol. Sorteer die balle en bokse in twee groepe met die leerders. Kies leerders om beurte te maak om 'n boks of bal te gaan haal.

Leidende vrae:

★ Kan julle vir my iets van die boks/bal vertel?

★ In watter groep sal julle dit sit?

★ Waarom dink julle hoort dit in hierdie groep?

5. **Vergelyk grootte van bokse met mekaar:** Leerders identifiseer watter van die bokse groot en watter klein is. Vergelyk 'n groot met 'n klein boks.
6. **Vergelyk grootte van balle met mekaar:** Leerders identifiseer watter van die balle groot is en watter klein is. Vergelyk 'n groot bal met 'n klein bal.
7. **Oefen "groot" en "klein":** Stel vrae oor groot en klein voorwerpe.

Leidende vrae:

★ Watter voorwerp is die grootste in die hoop?

★ Watter voorwerp is die grootste in die klaskamer?

★ Wat maak dit die grootste?

★ Wie kan na die kleinste voorwerp wys?

★ Is daar enigiets in die klaskamer wat kleiner as dit is?

★ Kan enigiemand aan iets anders dink wat groter is?

★ Kan enigiemand aan iets anders dink wat kleiner is?

8. **Kleingroepaktiwiteit:** Herinner die leerders aan die aktiwiteit by die werkstasies en die opruimproses.

 WENK

Los die balle en bokse in houe of langs die wiskundetafel sodat die leerders dit op hul eie tyd verder kan verken.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een babavissie* (bladsy 99)
- 5 kartonvissies
- 1 groot kartonvis
- Wondergom
- 'n Versameling balle en bokse van verskillende groottes
- 'n Klein oprit-/afritbaan
- 'n Bal en 'n boks vir die wiskundetafel

1. **Rympie:** Tel die kartonvissies een-een op terwyl jy die rympie, *Een babavissie*, opsê. Vra vyf leerders om te staan en elkeen een vissie vas te hou. Die vyf leerders sit die vissies in die boks terwyl hulle saam die rympie opsê.
2. **Mondelinge tel:** Leerders knik en tel van 1 tot 5.
3. **Vaslegging van "groot" en "klein":** Plaas die groot vis teen die muur bo die wiskundetafel. Sê: "Hierdie groot vis wil die klein vissies in die boks opeet." Gee die vyf klein kartonvissies vir vyf verskillende leerders. Terwyl elke leerder 'n klein vissie op die groot vis vasplak, sê saam: "Die groot vis eet een vissie. Hy eet nog 'n vissie." Stel elke keer nadat 'n vissie vasgeplak is die volgende vraag.

Leidende vraag:

- ★ Hoeveel klein vissies het die groot vis geëet?

Hou so aan totdat die leerders al vyf klein vissies op die groot vis vasgeplak het. Vra die leerders hoeveel klein vissies die groot vis altesaam opgeëet het. Tel die klein vissies.

4. **Vergelyk kenmerke van bokse en balle met mekaar:** Meng 'n versameling bokse en balle. Leerders sorteer die bokse en balle.

Leidende vrae:

- ★ Waarom het julle dit op hierdie manier gesorteer?
- ★ Wat is dieselfde omtrent al die dinge in hierdie groep? (Wys na die bokse.)
- ★ En in hierdie groep? (Wys na die balle.)
- ★ Kan julle dit op enige ander manier sorteer?
- ★ Waarom het julle dit in hierdie groep geplaas?
- ★ In watter groep hoort hierdie een? Waarom?
- ★ As julle 'n voorwerp met hoeke kies, in watter groep moet dit kom?
- ★ As julle 'n voorwerp met plat sye kies, in watter groep moet dit kom?

5. **Gly en rol:** Stel 'n oprit-/afritbaan op. Leerders kies 'n bal of 'n boks.

Leidende vrae:

- ★ Watter van hierdie dink julle sal teen die baan afgly?
- ★ Waarom dink julle dit sal gly?
- ★ Watter van hierdie dink julle sal rol?
- ★ Waarom dink julle dit sal rol?
- ★ Watter een dink julle sal eerste onder wees? Waarom?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

 **WENK**

Hierdie aktiwiteit met die oprit-/afritbaan kan buite gedoen word. Gee vir die leerders tyd om te eksperimenteer met bokse en balle wat rol en gly.



Dag 4

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een babavissie* (bladsy 99)
- 'n Versameling balle en bokse van verskillende groottes oral in die klaskamer geplaas

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Een babavissie*, op. Voeg aksies/bewegings by. Kies vyf leerders om die vyf vissies te wees. Herhaal en gee vyf ander leerders 'n beurt.
2. **Mondelinge tel:** Leerders klik hul vingers en tel van 1 tot 5 op die maat van 'n tamboeryn of rammelaar.
3. **Vaslegging van 1, oefen groot en klein:** Kies 'n paar leerders om een groot/klein voorwerp in die klas te gaan haal en na die mat te bring. Hulle vertel vir die groep wat hul voorwerp is en of dit groot of klein is. Leerders plaas hul voorwerpe in groepe vir groot voorwerpe en klein voorwerpe.
4. **Vaslegging van gly en rol:** Leerders beskryf wat op Dag 3 met die bokse en balle op die oprit-/afritbaan gebeur het. 'n Paar leerders gaan haal balle en bokse en rol of gly dit na 'n ander leerder in die kring. Bespreek watter voorwerpe rol en watter voorwerpe gly.

Leidende vrae:

 - ★ Watter voorwerpe rol? Waarom dink julle rol dit?
 - ★ Watter voorwerpe gly? Waarom dink julle gly dit?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.



WENK
Vind die gladste vloeroppervlak vir hierdie aktiwiteit omdat bokse dikwels moeilik op 'n mat gly.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Enige rympie of liedjie uit Week 1–3
- Prente van die groot vis en 5 klein vissies (van Dag 3)
- Hoelahoepels vir die helfte van die leerders
- Groot bokse om in te klim
- Boontjiesakke
- Emmers of ander groot houers

1. **Rympie:** Sê enige van die rympies op of sing enige van die liedjies uit Week 1 tot 3.
2. **Mondelinge tel:** Leerders swaai hul arms en tel van 1 tot 5.
3. **Tel van 1–5:** Haal die prente van die klein vissies van die groot vis af en tel hulle terwyl jy hulle in die boks op die wiskundetafel sit.
4. **Stel "in" en "uit" bekend:** Praat oor waar die vissies is. Die volgende is 'n bewegingsaktiwiteit wat ruimte vereis. Leerders werk in groepe en volg instruksies:
 - ★ Spring in die hoelahoepel en spring weer uit.
 - ★ Staar met een been in die hoepel en die ander been buite die hoepel.
 - ★ Klim in die boks en klim uit.
 - ★ Gooi 'n boontjiesak in 'n emmer en haal dit uit.
 Leerders sê waar hulle is, of waar die boontjiesak is.



WENK
Teken vorms met bordkryt as jy nie hoelahoepels of groot bokse het nie. Maak balle uit koerantpapier as jy nie boontjiesakke het nie.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: plaas 'n aantal bokse buite sodat die leerders dit kan gebruik om te eksperimenteer met "in" en "uit".

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Versameling alledaagse voorwerpe met bal- en boksvorms
- Klein oprit-/afritbaan
- Groot en klein boublokke
- 15 groot en klein voorwerpe

1. **Tel van 1–5:** Leerders hou 'n hand op en tel op hul vingers van 1 tot 5.
2. **"Groot en klein"-speletjie:** Plaas 'n versameling van 15 groot en klein voorwerpe in die middel van die groep. Bespreek watter voorwerpe groot en watter klein is.
Sê 'n leerder se naam en sê dan "groot" of "klein". Die leerder neem so vinnig moontlik 'n groot of klein voorwerp. Elke leerder kry 'n beurt. Aan die einde van die speletjie plaas die leerders die voorwerpe weer in die middel van die mat. Vra vir die leerders of hulle 'n groot of klein voorwerp gehad het, en wat die voorwerp was.
3. **Sorteer voorwerpe as "groot" of "klein", en tel:** Gee vir elke leerder vyf blokke van verskillende groottes wat in groot of klein gesorteer kan word. Leerders tel elkeen hul blokke. Leerders wys hul grootste en kleinste blokke vir die groep. Leerders sorteer hul blokke van die kleinste tot die grootste. Leerders sorteer hul blokke van die grootste tot die kleinste.
4. **Speletjie oor kenmerke van balle en bokse:** Plaas 'n versameling voorwerpe met bal- of boksvorms op die mat. Sê 'n leerder se naam gevolg deur een kenmerk van 'n boks of 'n bal, byvoorbeeld, dit het hoeke, dit is rond, dit het rande, dit het sye, dit rol, dit gly. Die leerder identifiseer die voorwerp met daardie kenmerk en hou dan die voorwerp. Herhaal met ander leerders. Vergelyk die ooreenkomste en verskille tussen die leerders se voorwerpe.

Leidende vrae:

- ★ Watter het hoeke?
- ★ Watter is rond?
- ★ Watter het sye?

Sorteer voorwerpe wat gly en rol. Kies vyf voorwerpe.

- ★ Watter voorwerpe dink julle sal rol? Waarom?
- ★ Watter voorwerpe dink julle sal gly? Waarom?

Leerders gebruik die oprit-/afritbaan om te verken watter voorwerpe rol of gly. Hulle maak twee hopies voorwerpe: dié wat gly en dié wat rol.

- ★ Hoeveel voorwerpe gly? Hoeveel rol?
- ★ Watter groep het meer? Watter groep het minder?

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede (buite-aktiwiteite):

- Woordeskatontwikkeling (teenoorgesteldes) en reageer op instruksies.
- Leerders werk in groepe en verken watter voorwerpe teen 'n baan af rol of gly.
- Om die konsep van groot en klein vas te lê, rol die leerders hulself in 'n klein bal op en strek dan weer uit om hulself so groot te maak as wat hulle kan.



Maak seker leerders kan:

- balle en bokse sorteer en met mekaar vergelyk
- die kenmerke van balle en bokse identifiseer
- voorwerpe wat rol en voorwerpe wat gly identifiseer
- die posisies "in" en "uit" verstaan (Neem waar tydens die aktiwiteit vir die hele groep op Dag 5.)
- die konsepte "groot" en "klein" verstaan

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Bokse van verskillende groottes
- Stroke koerantpapier
- Gom of plakkers

Leerders gebruik die bokse, gom (of plakkers) en stroke koerantpapier om voorwerpe van hul keuse te maak.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Twee bokse, een met die woord "groot" daarop en een met die woord "klein" daarop

Leerders maak groot en klein speeldeegballe en sorteer hulle deur dit in die bokse te plaas wat "groot" en "klein" gemerk is.



WENK

Hou 'n versameling van hierdie afdrucke om uit te stal en in Week 5 te bespreek.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Verf in bakkie of plastiekbord
- Plat sponse (opsioneel)
- Papier
- Houtblokke of kartonbokse van verskillende groottes

Giet 'n dun verflaag in 'n bakkie of plastiekbord. Leerders doop een kant van 'n blokkie (of klein kartonboks, byvoorbeeld 'n tandepasta-, seep- of speseryboksie) in die verf. Hulle druk die blok op die papier om afdrucke te maak.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Boublokke van verskeie groottes
- Plastiek-plaasdiere

Pak houtblokke en plastiek-plaasdiere uit. Leerders bou skuilings vir die diere.



Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Herken, identifiseer en benoem 2D-vorms: sirkel
- Beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe met 2D-vorms (sirkel)
- Simmetrie

Nuwe kennis

- Sirkel
- Getal 2
- Simmetrie

Oefen

- Mondelinge tel van 1–5
- Getal 1
- Tel voorwerpe van 1–5
- Legkaarte met ses stukke

Nuwe wiskunde-woordeskat

sirkel
dieselfde

geboë lyn
vorm

bo
onder

middel

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- wiskundetafel vir die getal "2". Verwyder die voorwerpe en kaarte wat vir die getal "1" gebruik is.
- 'n getalfries vir getal 2, deur die buitelyn van die huis (op bladsy 19) en patroontemplate op bladsy 104 te gebruik (*2, twee, twee kolle, twee sebras*)
- 'n stel kaarte vir die getal "2": getalsimbool, getalnaam en kolkaart
- 'n boks wat 'n versameling van 16 sirkelvormige voorwerpe bevat, byvoorbeeld, koppie, bord, blikkie, emmer, horlosie, bakkie, karton-toiletrolletjie, deksels
- 2 groot sirkels met byskrifte
- prente van 'n vis en 'n padder
- 1 prent van 'n kewer (insek) (patroontemplaats op bladsy 109)
- 10 prente van sirkels – geteken of uit tydskrifte of koerante geknip
- 8 gefotokopieerde "getal 2"-patroontemplate (bladsy 107) met plastiek oorgetrek of in 'n plastiekomsag
- 'n buitelyn van 'n sirkel op A4-papier geteken vir elke leerder
- 6 legkaarte met ses stukke elk (patroontemplaats op bladsy 112)
- advertensiepamflette, tydskrifte en koerante
- 2 plastiek-jogurtdeksels
- prentkaarte vir 1 en 2.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1


 WENK

Onthou om die toiletroetine te gebruik om rangtelwoorde (ordinale getalle) (eerste, tweede, derde) en posisie (voor, agter, tussen, langste, kortste) te oefen.

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een babavissie* (bladsy 99)
- *Getal 2-storie* (bladsy 99)
- Getalfries: Getal 2
- Plaas 5 pare voorwerpe oral in die klaskamer
- 15 kol-, getalnaam- en getalsimboolkaarte vir die getal "2"

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Een babavissie*, op.
2. **Mondelinge tel:** Leerders tel van 1 tot 5 en klap op hul knieë. Herhaal terwyl leerders op hul skouers klap.
3. **Stel die getal "2" bekend:** Gesels oor die *Getal 1-storie*. Vertel die *Getal 2-storie*. Die diere se huis is die kern van die storie. Wys die dele van die getalfries soos jy die storie van die diere en die huis bou: die verskillende voorstellings van die getal 2, byvoorbeeld die prent, die kolle, die getalsimbool en die getalnaam. Stal die dele van die fries in die dierehuis op die muur in die wiskunde-area uit.



Leidende vrae:

- ★ Hoeveel sebras woon in hierdie huis?
 - ★ Waarvan is daar ook twee in die storie?
 - ★ Hoeveel meer sebras as olifante is daar in die prente?
 - ★ Kan julle aan twee dinge dink wat julle graag wil byvoeg?
4. **Pas kolle, prente, getalsimbole en getalname vir "2" bymekaar:** Vra leerders om 'n prent, 'n kol en 'n getalsimbool by die *Getal 2-fries* te pas. Wys vir die leerders die getalnaam en sê die woord "twee". Vra 'n leerder om die getalnaam by die fries te pas.
 5. **Vind twee dinge:** Kies leerders om twee van dieselfde voorwerpe in die klaskamer te soek. Gee ander leerders die getal "2"-kaart om by die voorwerpe te pas. Plaas dit op die wiskundetafel.
 6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Prent van 'n vis
- Prent van 'n padda
- Rympie: *Een, twee, drie, vier, vyf* (bladsy 99)
- Sokkerbal
- 2 groot velle papier en 'n viltpen
- 16 sirkelvormige voorwerpe
- Vlak skinkbord met verf
- Papier
- Sirkel-attribuuiblokke (*Hulpbronstel*)
- 2 groot sirkels met byskrifte

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Een, twee, drie, vier, vyf*, op terwyl jy die prente van die vis en die padda wys. Leerders sê die rympie saam met jou op.
2. **Mondelinge tel:** Leerders spring soos paddas en tel van 1 tot 5.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders hou die korrekte aantal vingers op terwyl hulle die rympie opsê. Sê die rympie op, en klap een keer vir elke getal. Bespreek die rympie.

Leidende vraag:

★ Hoeveel visse het die kind gevang? Hoeveel paddas?

4. **Vergelyk 2D-vorms en 3D-voorwerpe met mekaar:** Bespreek "vorm": Alles het 'n vorm. Daar is baie verskillende vorms, byvoorbeeld, jou liggaam het 'n vorm, die vensters in die klaskamer het 'n vorm, die sokkerbal het 'n vorm, die prent het 'n vorm.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle my van die vorm van die vensters vertel?
- ★ Wat kan julle my van die vorm van die sokkerbal vertel?
- ★ Watter ander vorms kan ons in ons klaskamer sien?
- ★ Watter vorms kan julle onthou van jul slaapkamers by die huis?

5. **Gaan van 3D na 2D:** Vra een leerder om te staan. Demonstreer dat afhange van waar jy kyk, jy 'n ander aansig van die leerder kan sien – van voor, agter, die kant en van bo (staan op 'n stoel). Wys dat dit moontlik is om die leerder om te draai, vas te hou en 'n drukkies te gee.

Laat die leerder plat op sy/haar rug op 'n vel papier lê. Trek sy/haar buitelyn na. Vestig leerders se aandag op die lyn terwyl jy teken: "om sy/haar kop", "langs sy/haar sy af". Wanneer die leerder opstaan, vra leerders wat hulle op die papier sien (prent van die leerder se lyf).




WENK

Plaas twee prente van sirkels, met byskrifte, teen die muur bo die wiskundetafel.



6. **Stel die sirkel bekend:** Leerders werk in pare. Plaas 'n boks met 'n versameling sirkelvormige voorwerpe op die mat. Een leerder van elke paar gaan haal 'n voorwerp. Hulle maak beurte om 'n vinger om die ronde rande van die voorwerpe te trek, byvoorbeeld, die rand van die koppie en die bord.

Neem een voorwerp, byvoorbeeld 'n bord. Vra: "Wat sal gebeur as ons om die rand van die bord teken?"

Plaas 'n vel papier op die mat. Trek die rand van die bord met 'n viltpen na. Vra leerders of hulle weet wat hierdie vorm genoem word. Sê vir hulle dit is 'n sirkel. Vra hulle uit oor die vorm. Vra die leerders om die lyn dop te hou terwyl jy teken. Praat oor hoe die lyn buig wanneer dit om die voorwerp gaan.

Vra 'n leerder om 'n ander voorwerp te kies en help hulle dan om om die voorwerp te teken. Praat oor hoe die lyn buig. Vra leerders of hulle enige ander sirkels in die klaskamer kan sien.

7. **Kleingroepaktiwiteit:** Herinner die leerders aan die aktiwiteit by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een, twee, drie, vier, vyf* (bladsy 99)
- Liedjie: *Sirkels* (bladsy 99)
- 10 prente van sirkels (geteken of uit tydskrifte of koerante geknip)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Een, twee, drie, vier, vyf*, op.
2. **Mondelinge tel:** Leerders beweeg hul arms soos visvinne terwyl hulle van 1 tot 5 tel.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders wys hul vingers terwyl hulle van 1 tot 5 tel.
4. **Vaslegging van die getal "2":** Teken 'n groot "2" in die lug. Leerders boots jou na en teken 'n "2" op hul hande en op 'n maat se rug. Vra van watter liggaamsdele ons twee het (hande, polse, arms, bene, oë, ore, voete, knieë, enkels, elmboë, heupe, skouers). Tel liggaamsdele terwyl hulle dit opnoem: "1, 2 hande", ensovoorts.
5. **Liedjie:** Stel die liedjie, *Sirkels*, bekend. Voeg aksies by.
6. **Soek sirkels:** Vra 'n paar leerders op 'n keer om twee sirkels in die klaskamer te vind en dit op die mat te sit. Vra die ander leerders of al die vorms sirkels is. Vra 'n paar leerders om die sirkels in groepe van twee te plaas.
7. **Kleingroepaktiwiteit:** Herinner die leerders aan die aktiwiteit by die werkstasies en die opruimproses.


WENK

Gebruik die geleentheid om daaroor te gesels of almal twee hande, polse, arms, ensovoorts, het.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sirkels* (bladsy 99)
- 'n Groot bal
- 5 tellers (*Hulpbronstel*)
- Spieëls (opsioneel)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sirkels*.
2. **Mondelinge tel:** Leerders gee 'n groot bal vir mekaar aan terwyl hulle van 1 tot 5 tel. Herhaal dit totdat almal 'n beurt gehad het.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Wys vyf tellers en vra leerders hoeveel hulle dink jy vashou. Almal tel die tellers saam.
4. **Vaslegging van die sirkel:** Trek met bordkryt rondom ten minste vyf groot ronde voorwerpe (byvoorbeeld, 'n hoelahoepel, emmer, motorband) op die vloer. Leerders loop om die beurt in groepe op die getekende vorms.
5. **Simmetrie:** Vra een leerder om te staan en na die ander leerders te kyk.

Leidende vrae:

- ★ Wat het _____ aan hierdie kant van haar liggaam (wys na die linkerkant, byvoorbeeld, 'n oor, oog, arm of been) wat sy ook aan die ander kant van haar liggaam het?
- ★ Het sy 'n arm aan die ander kant? En 'n oor?

Leerders staan in pare teenoor mekaar en identifiseer die liggaamsdele aan elke kant wat bymekaar pas.

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

 **WENK**

As jy 'n spieël beskikbaar het, laat leerders na hulself in die spieël kyk om simmetrie in hul eie liggame te verken deur die bypassende liggaamsdele aan die linker- en regterkant te identifiseer.



Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een, twee, drie, vier, vyf* (bladsy 99)
- Liedjie: *Sirkels* (bladsy 99)
- 5 groot sirkel-attribootblokke van verskeie kleure (*Hulpbronstel*)
- Plakkaatboek, Plakkaat 8
- Prent van 'n kewer (insek) (bladsy 109)
- Verf en verfkwas

1. **Rympie en liedjie:** Sê die rympie, *Een, twee, drie, vier, vyf*, op en sing die liedjie, *Sirkels*.
2. **Mondelinge tel:** Leerders klap met albei hande op hul skouers en tel van 1 tot 5. Herhaal dit en laat hulle met teenoorgestelde hande op hul skouers klap.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Gee vir vyf leerders elk 'n sirkel-attribootblok van 'n ander kleur. Almal tel hulle saam. Vra hoeveel is rooi, geel, blou, ensovoorts.
4. **Soek na sirkels:** Kyk na Plakkaat 8. Leerders soek na die sirkels op die plakkaat.





5. **Simmetrie in sirkels:** Wys die prent van die kewer (insek). Vra hulle hoeveel sirkels hulle kan sien – die lyf, kop, twee kolle en een oog. Almal tel die sirkels. Vertel hierdie kewer (insek)-storie: “Die kewer (insek) is bekommerd omdat sy nie soos ander kewers (insekte) lyk nie. Hul lyfies lyk presies dieselfde aan elke kant. Sy wil ook twee kolle aan elke kant van haar lyf hê.”

Leidende vraag:

- ★ Hoe dink julle kan ons hierdie kewer (insek) se probleem oplos?

Plaas verf op elk van die twee kolle en die oog aan die een kant van die prent. Vou die prent van die kewer (insek) in die helfte op die middellyn sodat dit twee kolle en nog 'n oog aan die ander kant van die kewer (insek) afdruk. Vra leerders of hulle dink dat die twee kante van die kewer (insek) dieselfde is.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede:

- Woordeskatontwikkeling (dieselfde/verskillend).
- Aktiwiteit buite: Trek die buitelyne van leerders se liggame met bordkryt of 'n stok na. Help die leerders om 'n middellyn in hul buitelyne te trek.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 30 tellers in verskillende kleure
- Klein swartborde, witborde of A4-papier
- Vir elke leerder:
- Bordkryt/witbord-merkpenne/kryte
- 'n Houer met:
 - Getalsimbool-, prent- en kolkaarte: 1 en 2 (*Hulpbronstel*)
 - 2 plastiek-jogurtdeksels
 - 5 gekleurde tellers (*Hulpbronstel*)
 - “Sirkel”-prente (bladsy 110)

1. **Oefen die getal “2”:** Gee vir elke leerder 'n houer. Bespreek die inhoud. Leerders haal hul prentkaarte vir “een” en “twee” uit en sit dit voor hulle neer.

Leidende vrae en instruksies:

- ★ Wat sien julle?
- ★ Wat is dieselfde? Wat is die verskil tussen hulle?
- ★ Hoeveel prente is daar op elk van jul prentkaarte?
- ★ Pas elke kolkaart by 'n prentkaart (1 en 2).
- ★ Hoeveel tellers het julle nodig om by elk van die prentkaarte te pas?
- ★ Pas jou getal 2-kaart hierby. (Wys na die Getal 2-fries bo die wiskundetafel.)

WENK

Leerders wat nog nie gereed is om te skryf of te teken nie, kan speeldeeg gebruik om 'n "2" en twee voorwerpe te maak.



Skryf 'n groot "2" op 'n swartbord, witbord of op papier. Leerders trek dit na en teken twee voorwerpe op hul eie swartborde, witborde of papier.

2. **Vaslegging van die sirkel:** Leerders haal die agt prente van bladsy 110 uit die houer. Hulle sit dit op die mat voor hulle neer.

Leidende vrae:

- ★ Wat sien julle in elk van hierdie prente?
- ★ Wat kan julle my van die vorms in elkeen van hierdie prente vertel?
- ★ Wys na 'n vorm wat nie 'n sirkel is nie. Hoekom is dit nie 'n sirkel nie?
- ★ Hoe weet ons of iets 'n sirkel is?

Hou 'n gekleurde skyf-teller op.

Leidende vrae en instruksies:

- ★ Soos watter vorm lyk dit?

Plaas 'n houpie tellers op die mat en gee instruksies. Vra leerders om die volgende te doen:

- ★ Tel een blou teller op.
- ★ Tel een rooi teller op.
- ★ Tel een geel teller op.
- ★ _____, vat een rooi teller en gee dit vir _____.
- ★ _____, vat 'n teller van enige kleur.
- ★ _____, soek 'n teller wat presies lyk soos die een wat _____ het.

Gee vir elke leerder twee jogurtdeksels.

- ★ Almal vat een teller en sit dit op 'n deksel.
- ★ Het julle almal een? Kom ons maak seker.
- ★ Almal vat twee tellers en sit dit op die ander plastiekdeksel.
- ★ Het julle almal twee? Kom ons tel.
- ★ Kan julle jul twee tellers op 'n ander manier op jul deksels rangskik?
- ★ Tel weer.

Leerders pas hul kolkaarte vir 1 en 2 by die tellers op die deksels.

Moedig die leerders aan om hul tellers te rangskik om by joune te pas.



Maak seker leerders kan:

- prente met die getal 2 by twee voorwerpe, kolkaarte met twee kolle en getalsimboolkaarte met "2" pas
- 'n sirkel herken, identifiseer en benoem


Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Speeldeeg-patroontemblaat: Getal 2 vir elke leerder (bladsy 107)
- Speeldeeg

Leerders gebruik speeldeeg om die getal "2" te vorm, om twee balle speeldeeg te rol om op die boom te plak, en om twee balle speeldeeg te rol om op die rooster te plaas.

Werkstasie 2



Wat jy nodig het

- Verf in vlak bakkies
- Groot velle papier vir elke leerder
- Voorwerpe met sirkelvormige oppervlakke in verskeie groottes (jogurthouers, blikkies, kartontoiletrolletjies, weggooikoppies, deksels)

Leerders maak afdrucke met sirkelvormige voorwerpe. Hulle druk die voorwerp in die verf en druk dit dan op papier om 'n sirkel af te druk.

Werkstasie 3



Wat jy nodig het

- Prente van kos uit advertensiepamflette, tydskrifte en koerante
- 1 groot sirkel (op A4-papier geteken) per leerder
- Skêre en gom

Leerders knip die sirkel uit om 'n "bord" te maak. Hulle knip prente van kos uit en plak dit op hul borde vas.



WENK

Leerders wat sukkel om te knip, kan prente uitskeur en speeldeeg in 'n "worsvorm" rol om op die buitelyn van die "bord" te plaas.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Legkaarte met die "liggaam" as tema

Leerders bou elkeen 'n legkaart.

Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Herken, identifiseer en benoem 2D-vorms: vierkant
- Beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe en 2D-vorms met mekaar
- Rigting: vorentoe, agtertoe
- Posisie: binne, buite

Nuwe kennis

- 2D-vorms: vierkant
- Rigting: vorentoe en agtertoe
- Posisie: binne en buite

Oefen

- Sirkel
- Getalkonsept 1 en 2
- Mondelinge tel van 1–5
- Tel voorwerpe van 1–5
- Bokse en balle
- Legkaarte met ses stukke

Nuwe wiskunde-woordeskat

vierkant
hoek

sy
reguit

plat
oppervlak

vorentoe
agtertoe

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 'n groot boks met ten minste twee vierkantige vlakke
- 'n groot kartonvierkant en -sirkel
- vierkantige vorms van enige grootte en kleur
- 5 bladsye met 'n rooi vierkant op en 5 bladsye met 'n blou vierkant op
- gekleurde vierkante vir elke leerder
- voorwerpe met vierkantige vorms, byvoorbeeld houtblokke, klein vierkantige notaboekie, vierkantige boontjiesak, dobbelstene, mosaïekteeltjies, vierkant-attribuutblokke
- sirkelvormige voorwerpe, byvoorbeeld ronde plastiekproppies van melkbottels, ronde plastiekdoppies, groot knope, sirkel-attribuutblokke
- maak ses stelle wat bestaan uit 2 kolkaarte met 1 en 2 kolle daarop, 2 prentkaarte met 1 en 2 prente van diere vir leerders se houers
- 7 prente van vierkante
- kol- en dierekaarte (*Hulpbronstel*).



WENK

Onthou om die toiletroetine te gebruik om rangtelwoorde (ordinale getalle) te oefen: eerste, tweede, derde; posisie: voor, agter, tussen, langste, kortste.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- 3D-voorwerpe soos blokke, bokse van verskillende groottes, vierkantige houers vir die wiskundetafel
- 1 groot kartonvierkant
- 1 groot boks
- 1 groot vel papier
- 'n Viltpen

1. **Rympie:** Sê enige van die telrympies van die vorige weke op.
2. **Mondelinge tel:** Leerders klap op hul magies en tel van 1 tot 5.
3. **Tel voorwerpe van 1-5:** Plaas die bokse en blokke op die mat. Vra leerders om een blok en een boks te gaan haal.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voorwerpe het ons?

Vra hulle om nog 'n blok te gaan haal.

- ★ Hoeveel voorwerpe het ons nou?

Herhaal tot daar vyf voorwerpe is. Die leerders tel terwyl hulle aan elke voorwerp raak.

- ★ Het ons meer bokse of meer blokke?

- ★ Waarvan het ons die minste?

4. **Maak vierkante:** Praat oor een van die bokse in die klaskamer. Trek 'n groot vierkantige boks na om 'n vierkant te teken. Praat oor hoe die lyn al langs die rande reguit loop, dan 'n skerp draai maak by 'n hoek en dan weer reguit loop.

Leidende vrae:

- ★ Weet julle wat hierdie vorm genoem word?

- ★ Hoeveel reguit lyne het ek geteken om hierdie vorm te maak?

- ★ Hoeveel hoeke het hierdie vierkant?

- ★ Watter ander kante of sye van hierdie boks kan ek gebruik om nog 'n vierkant op die papier te maak?

- ★ Sal dit dieselfde wees? Waarom?

Trek die syvlak wat leerders identifiseer na. Beskryf die lyne terwyl jy dit doen.

5. **Kenmerke van 'n vierkant:** Wys die kartonvierkant:

Leidende vrae:

- ★ Weet enigiemand wat hierdie vorm genoem word?

- ★ Is hierdie vorm dieselfde as die een wat ons so pas geteken het? Waarom?



WENK

Wanneer jy die boks natrek, fokus daarop dat die lyne reguit eerder as geboë is (soos bespreek toe julle 'n sirkel in Week 4 nagetrek het).


WENK

Vra die leerders aan die einde van die dag om vierkantige voorwerpe van die huis af te bring vir Dag 2.

Stuur die vierkant-attribuutblokke in die klas rond sodat leerders die kenmerke kan voel en verken.

- ★ Wat voel julle om die rand van die voorwerpe?
- ★ Hoe lyk die sye? Hoe voel die hoeke?
- ★ Wat kan julle nog op jul vierkant sien en voel?
- ★ Hoe is dit anders as die sirkelvorms waarna ons verlede week gekyk het?

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf vrolike skilpaaie* (bladsy 99)
- Vierkantige voorwerpe van die huis af
- 1 groot vierkant- en 1 sirkel-uitknipprent van karton

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf vrolike skilpaaie*, op.
2. **Mondelinge tel:** Leerders knip hul oë stadig en tel van 1 tot 5. Herhaal, en knip die oë vinniger.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas die vierkantige voorwerpe, byvoorbeeld boek, boks, deksel of blok op die mat. Vra vyf leerders om elkeen 'n voorwerp te gaan haal en voor te staan. Almal tel saam van 1 tot 5. Leerders beskryf hul voorwerp en tel die hoeke, die sye en die rande.

Leidende vrae:

- ★ Wat maak hierdie voorwerpe vierkantig?
 - ★ _____, gaan haal nog 'n vierkantige voorwerp.
 - ★ Wat is dieselfde van die voorwerp wat _____ vashou en die een wat _____ vashou?
 - ★ Kan julle aan enigiets anders dink wat julle van die huis af kon gebring het wat ook vierkantig is?
4. **Vergelyk vierkante en sirkels met mekaar:** Plak die groot kartonvierkant en -sirkel teen die muur. Vra die leerders wat die vorms genoem word. Vra leerders om 'n sirkel en dan 'n vierkant te "stap". Vra leerders om 'n vierkant en 'n sirkel in die lug te teken. Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen die vierkant en die sirkel.
- #### Leidende vrae:
- ★ Hoe verskil hierdie twee vorms?
 - ★ Watter een het reguit lyne? (Tel die lyne.)
 - ★ Watter een het 'n geboë lyn?
 - ★ Watter een het hoeke? (Tel die hoeke.)
5. **Kleingroepaktiwiteit:** Herinner die leerders aan die aktiwiteit by die werkstasies en die opruimproses.


WENK


Wees voorbereid om ekstra vierkantige voorwerpe te verskaf, byvoorbeeld teëls, mosaïekteëls, deksels, blokke, spieëls, Lego, Duplo, ensovoorts.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf vrolike skilpaaie* (bladsy 99)
- *Plakkaatboek, Plakkaat 8*
- 5 prente van vierkante in enige grootte en kleur

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf vrolike skilpaaie*, op en gebruik aksies en gebare.
2. **Mondelinge tel:** Leerders beweeg stadig en tel van 1 tot 5.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plak vyf prente van vierkante in die klaskamer op. Leerders maak beurte om die prente van vierkante te vind. Die ander leerders bespreek of hulle saamstem dat die prente wat die leerders gevind het vierkante is, en verduidelik waarom.
4. **Probleemoplossing:** Praat oor Plakkaat 8.



Leidende vrae:

- ★ Wat sien julle in hierdie prent? Wat doen die mense?
 - ★ Kan julle enige vierkante sien? (Tel die vierkante.)
 - ★ Hoe weet ons dat dit vierkante is?
 - ★ Kan julle enige sirkels sien?
 - ★ Is daar meer vierkante of meer sirkels? Hoe weet julle? (Tel dit.)
 - ★ Hoeveel motors wag tot die verkeersbeampte sê hulle mag ry?
 - ★ Hoeveel motorfietse is daar?
 - ★ As die wit motor wegry (bedek hierdie motor in die prent), hoeveel motors bly oor? (Almal tel die motors saam.)
 - ★ Hoeveel mense sien julle in die klein geel motor?
 - ★ In watter motor is daar meer mense: in die klein geel motor of in die taxi?
 - ★ Kan julle enige mense binne-in die geboue sien?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 4



As die ruimte beperk is, doen hierdie aktiwiteite buite.

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf vrolike skilpaaie* (bladsy 99)
- 'n Groot speelgoedkar

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf vrolike skilpaaie*, op, met aksies en gebare.
2. **Mondelinge tel:** Leerders trek hul skouers op en tel van 1 tot 5.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Vra drie leerders om voor te staan. Vra hoeveel leerders daar sal wees as nog een bykom. Nog 'n leerder kom staan voor. Almal tel saam. Herhaal totdat daar vyf leerders voor staan.
4. **Stel "vorentoe" en "agtertoe" bekend:** Leerders beweeg stadig soos skilpaaie vorentoe en agtertoe op verskillende maniere. Hulle stap byvoorbeeld vorentoe en kruip dan agtertoe, kruip vorentoe en spring agtertoe. Wys op die verskil tussen "agteruit stap" en "na iets toe terugstap".
Skuif 'n groot speelgoedkar op verskeie maniere vorentoe en agtertoe. Vra leerders om te sê of jy die kar vorentoe of agtertoe skuif. Sê die woorde "vorentoe" en "agtertoe" saam terwyl jy dit doen. Gee 'n paar leerders beurte om die kar vorentoe en agtertoe te beweeg en te sê hoe hulle dit beweeg.
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf vrolike skilpaaie* (bladsy 99)
- 5 bladsye, elk met 'n rooi vierkant
- 5 bladsye, elk met 'n blou vierkant
- 30 voorwerpe in die klaskamer

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf vrolike skilpaaie*, op, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** Leerders marsjeer vorentoe en tel van 1 tot 5. Herhaal, met leerders wat agtertoe marsjeer.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas die voorwerpe uit die klaskamer op die mat. Almal tel saam van 1 tot 5 terwyl 'n leerder vyf voorwerpe uithaal. Herhaal terwyl ander leerders groepe van vyf voorwerpe maak.
4. **Vaslegging van die vierkant deur patroon te gebruik:** Wys vir leerders 'n bladsy met 'n rooi vierkant daarop.

Leidende vrae:

- ★ Wat word die rooi vorm op hierdie bladsy genoem?
- ★ Watter kleur is die vorm?



As die ruimte beperk is, doen hierdie aktiwiteite buite.

- ★ Kan julle enigiets anders in die klaskamer sien wat julle aan 'n vierkant laat dink?
- ★ Kan julle enigiets anders sien wat dieselfde kleur is?

Herhaal met die blou vierkant.

Gee vir twee leerders elk 'n rooi vierkant en vir twee leerders elk 'n blou vierkant. Rangskik hulle in 'n patroon van rooi, blou, rooi, blou. Leerders hou hul vorms sodat ander dit kan sien. Leerders sê saam die kleure terwyl jy daarna wys.

- ★ Wat kan julle vir my vertel van die manier waarop die vierkante gerangskik is?
- ★ Wat kom na die eerste rooi vierkant? Wat kom daarna?
- ★ Moet ek 'n rooi vierkant of 'n blou vierkant aan die einde van die patroon byvoeg?
- ★ Waarom dink julle so?

Gee vir ses ander leerders bladsye met rooi of blou vierkante en vra hulle om in die ry te staan sodat 'n langer patroon gevorm word.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede:

- Bespreek prente, woordeskatontwikkeling (vorms).
- Speel buite: Verskaf verskeie groot kartonbokse waarin leerders kan speel en wat hulle kan verken. Hulle kan ook met die bokse bou as deel van fantasiespel.
- Speel buite: Vorm-spring – gebruik maskeerband of bordkryt om 'n vierkant op die grond te teken en speel 'n springspeletjie of musiekvierkantspeletjie.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit


Wat jy nodig het

- Vir elke leerder, 'n houër met:
 - 3 dieretellers (1 van een soort en 2 van 'n ander soort)
 - Kol-, naam- en simboolkaarte vir die getalle 1 en 2
 - 2 prentkaarte van diere wat by die gekose tellers pas
- 'n Voelsakkie met balle en bokse
- 1 groot vierkantige kartonboks
- Groot velle koerantpapier
- 'n Viltpen

1. **Mondelinge tel:** Die leerders tik met hul voete op die vloer en beweeg hul hande vorentoe terwyl hulle van 1 tot 5 tel. Herhaal, met die leerders wat hul hande agtertoe beweeg.
2. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders werk in pare en kyk na mekaar. Hulle pas een hand op hul maat s'n. Leerders raak aan elke ooreenstemmende vinger en duim, en tel van 1 tot 5 terwyl hulle dit doen. Leerders herhaal dit met die ander hand.

3. **Bypassende kolkaarte 1 en 2:**

Wys die kolkaarte vir een en twee (uit die *Hulpbronstel*) en sit dit op die mat. Wys die olifant- en sebra-prente. Leerders pas die olifant by die kolkaart vir een en die sebras by die kolkaart vir twee.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle die sebras by 'n ander kaart pas?

Leerders plaas hul kolkaarte onderstebo (met die kolle na onder) op die mat. Hulle draai enige kaart om en maak beurte om te sê watter getal hul kolkaart aandui. Hulle pas die korrekte aantal dieretellers by die kaart. Herhaal met nog 'n kolkaart.

- ★ Van watter dier het julle een?
- ★ Van watter dier het julle twee?
- ★ Hoeveel diere het julle altesaam? (Tel hulle.)

Leerders pas hul prentkaarte by hul kolkaarte. Hulle pas hul getalsimbool- en getalnaamkaarte by hul prentkaarte.

4. **Vaslegging van bokse en balle:** Verduidelik vir die groep hoe om die voelsakkie te gebruik. 'n Leerder voel aan 'n voorwerp in die sak sonder om te kyk, en beskryf hoe dit voel. Die ander leerders sê wat hulle dink dit is. Die leerder haal die voorwerp uit die sak en die leerders bespreek al die kenmerke. Moedig die leerders aan om woordeskat soos die volgende te gebruik: sye, glad, rond, skerp hoeke en reguit sye.

5. **Verken die kenmerke van 'n boks – 3D-aktiwiteit:** Die leerders verken die binnekant en buitekant van 'n groot kartonboks. Hulle klim binne-in die boks en staan buite die boks, stap om die boks en trek die rande met hul hande na, raak aan die hoeke en draai die boks om. Almal tel die sye van die boks.

6. **Verken die vierkant – 2D-aktiwiteit:** Trek een van die kante/vlakke van 'n groot boks op 'n groot vel papier na.

Leidende vrae:

- ★ Hoe dink julle sal hierdie vorm lyk?
- ★ Hoe weet julle dit is 'n vierkant?
- ★ Kan ons 'n ander kant van hierdie boks natrek as ons nog 'n vierkant wil maak?
- ★ Hoeveel lyne het die vierkant? Vertel my meer oor die lyne.

 **WENK**

Teken 'n gesig op elke kant of syvlak van die boks om leerders te help om die sye te tel.

 **WENK**

Neem die leerders se vordering in ander Graad R Wiskunde-inhoudsareas, wat in die vorige weke gedek is, waar.

**Maak seker leerders kan:**

- 'n vierkant herken, benoem en beskryf
- kenmerke van 'n boks en 'n vierkant identifiseer
- instruksies volg om vorentoe en agtertoe te beweeg
- instruksies volg wat verband hou met binne (binne-in) en buite
- voorwerpe by kolkaarte, prentkaarte en getalsimboolkaarte pas



WENK

Berei vierkante voor vir leerders wat sukkel om na te trek.

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeegborde vir elke leerder
- Rollers en deegsniers (vierkant en sirkel)

Leerders maak speeldeegvorms met sirkelvormige en vierkantige deegsniers. Hulle gebruik hierdie vorms om modelle van hul keuse te maak.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Gekleurde papier
- Skêre en gom
- 1 vel skoon papier per leerder
- Kubusse of blokkies

Die leerders trek kubusse en blokke na om 'n vierkant te teken. Hulle knip die vierkante van verskillende groottes en kleure uit. Hulle plak dit op skoon papier om 'n prent te maak.

Werkstasie 3 (Dit is 'n groepsaktiwiteit.)

Wat jy nodig het

- Vir elke leerder: alledaagse vierkantige en sirkelvormige voorwerpe
- 'n Groot vel papier met 'n sirkel daarop geteken
- 'n Groot vel papier met 'n vierkant daarop geteken

Leerders sorteer die voorwerpe in twee groepe – vierkantige voorwerpe en sirkelvormige voorwerpe. Hulle plaas die voorwerpe op die vel papier met die ooreenstemmende vorm.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 'n Legkaart met ses stukke vir elke leerder (sien bladsy 112)

Leerders bou legkaarte met 'n minimum van ses legkaartstukke.

WENK

Kies legkaarte volgens die leerders se vermoëns.

Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra

Onderwerpe

- Meetkundige patrone

Nuwe kennis

- Identifiseer patrone
- Kopieer patrone
- Getal 3
- Plaas getalle van 1–3 in volgorde

Oefen

- Mondelinge tel van 1–5
- Tel voorwerpe van 1–5
- Vaslegging van getalkonsep 1 en 2
- Probleemoplossing met voorwerpe

Nuwe wiskunde-woordeskat

dieselfde as

nie dieselfde as nie

verskillend
patroon

kopieer
herhaal

volgende
begin

einde

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 'n getalfries vir die getal 3 (bladsy 105)
- 'n stel getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle 1–3
- 3 groot rooi papiersirkels, 3 groot blou papiersirkels en 3 klein blou papiersirkels
- versameling alledaagse voorwerpe – gebruik om groepe te vorm, byvoorbeeld knope, vuurhoutjieboksies, kerse van dieselfde grootte, bottelproppies, plastiekkoppies, lepels
- prentkaarte, kolkaarte en getalsimboolkaarte vir 3 (een stel per leerder in 'n groep)
- stel van drie sirkelvormige en drie vierkantige stempels wat uit spons, hout of kurk gemaak is (een stel per leerder in 'n groep)
- 10 patroonstroke wat met die stempels gemaak is
- velle papier met plek vir die leerders om vingerafdrukke op 'n wurm se lyf te maak (sien bladsy 59)
- 10 patroonkaarte wat stokke en tellers uit die *Hulpbronstel* gebruik (die items kan herhaal word in die 1–3-getalreeks)
- speeldeeg-patroontemblaat: Getal 3 (bladsy 108).



WENK

Onthou om die toiletroetine te gebruik om rangtelwoorde (ordinale getalle) te oefen: eerste, tweede, derde; posisie: voor, agter, tussen, langste, kortste.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf vrolike skilpaaie* (bladsy 99)
- Getalfriese 1–3
- Simbool-, naam- en kolkaarte vir die getalle 1, 2 en 3
- *Getal 3-storie* (bladsy 100)
- 3 papierborde of papiersirkels van dieselfde grootte (op die wiskundetafel)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf vrolike skilpaaie*, uit Week 5 op.
2. **Mondelinge tel:** Leerders klap hande terwyl hulle van 1 tot 5 tel. Slaan maatslae op 'n boks of tafelblad. Slaan sagte en harde slae om die beurt. Leerders tel saggies en hard.

Leidende vraag:

- ★ Watter patroon hoor julle?

3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Vra leerders om een, twee of drie voorwerpe in die klas uit te wys. Almal tel terwyl hulle wys.
4. **Stel die getal "3" bekend:** Wys na die "Getal 1"- en "Getal 2"-fries.


Leidende vrae:

- ★ Wie woon in die eerste huis? (Wys hierna.)
- ★ Hoeveel olifante woon hier? Wie woon in die huis langsaan?
- ★ Hoeveel sebras woon hier?
- ★ Is daar meer sebras of meer olifante? Hoeveel meer?
- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon?
- ★ Sal daar meer of minder as twee wees?

5. **Stel die getal "3" bekend:** Vertel die *Getal 3-storie* en praat oor die "Getal 3"-fries.

Leidende vrae:

- ★ Wie het al ooit 'n meerkat gesien? Waar woon meerkatte?
- ★ Hoeveel meer meerkatte is daar as sebras?
- ★ Wat is die verskil tussen die olifant se huis en die meerkatte se huis?



- ★ Hoeveel minder diere is daar in die olifant se huis as in die meerkatte se huis?
- ★ As een meerkat na die sebras se huis gaan, hoeveel diere sal daar in die sebras se huis wees? En in die meerkatte se huis?

6. **Pas getalkaarte by "Getal 3"-fries:** Gee leerders een getalsimbool-, kol- en getalnaamkaart vir 1, 2 en 3. Leerders maak beurte om hul kaarte by elke fries te pas.

Leidende vrae:

- ★ Wat het _____ in sy/haar hand?
- ★ By watter huis pas dit? Waarom?
- ★ Wie hou die kolkaart met die meeste kolle vas? En met die minste kolle?

Vertel vir leerders dat die een met die minste kolle eerste moet begin.

- ★ Watter leerder moet sy/haar kaarte eerste ophou?
- ★ Wie moet volgende wees? Waarom?



Herinner leerders daaraan dat hulle die wiskundetafel kan verken en later in die dag voorwerpe kan verander.

7. **Soek na drie voorwerpe:** Leerders vorm groepe van drie. Hulle gaan buitoe en soek na drie voorwerpe om na binne te bring. Wanneer hulle terug is in die klaskamer wys elke groep wat hulle gevind het.

Leidende vraag:

- ★ Wie het ook _____ gevind? Kom ons tel hulle.

Leerders plaas groepe van drie voorwerpe op die wiskundetafel en pas getalsimbool- en getalnaamkaarte daarby.

8. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 2**Wat jy nodig het**

- Liedjie: *Ek het 'n kleine kruywaentjie* (bladsy 100)
- 3 groot rooi papiersirkels en 2 klein blou papiersirkels
- Nog 'n klein blou papiersirkel en 3 groot blou papiersirkels

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ek het 'n kleine kruywaentjie*. Vra leerders om te luister hoeveel grawe sand in die kruywa geskep word. Sing die liedjie saam, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** Leerders kies watter liggaamsdeel hulle wil gebruik terwyl hulle van 1 tot 5 tel, soos op Dag 1. Vra verskillende leerders vir voorstelle oor watter liggaamsdele om te gebruik.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Almal tel saam van 1 tot 5 terwyl vyf leerders vorentoe kom en 'n vorm kom haal. Leerders hou die vorm vas en kyk na die klas.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel vorms kan ons sien?
- ★ Hoeveel vorms hou elke leerder vas?
- ★ Wat is dieselfde omtrent die vorms?
- ★ Wat is die verskil tussen hulle?
- ★ Kan julle 'n groep blou sirkels en 'n groep rooi sirkels maak?
- ★ Watter groep het meer sirkels? En minder sirkels?
- ★ Wat moet ons doen sodat elke groep dieselfde aantal sirkels het?


WENK

Hou die volgorde kort en eenvoudig en fokus op die groottes of die kleure van die sirkels.

4. **Verken patroon:** Gee vir 'n ander leerder die oorblywende klein blou sirkel. Vra leerders met blou sirkels om te bly staan en vra dié met rooi sirkels om dit op die mat te sit. Gee vir drie leerders die drie groot blou sirkels. Laat die leerders in 'n ry staan met hul sirkels sodat hulle 'n patroon maak: klein, groot, klein, groot. Vra die klas watter sirkelgrootte volgende moet kom. Herhaal totdat al die leerders in die ry staan met hul sirkels.


Leidende vrae:

- ★ Kan julle 'n patroon sien? Vertel my daarvan.
 - ★ Waar begin die patroon?
 - ★ Watter sirkelgrootte is aan die begin? Watter sirkelgrootte is volgende?
 - ★ As ons nog 'n sirkel aan die einde van die patroon byvoeg, watter grootte moet dit wees? En volgende?
5. **Identifiseer patrone in die klaskamer:** Vra leerders om ander patrone op hul klere en/of in die klaskamer te soek en om die patrone te beskryf.

Leidende vraag:

- ★ Watter patroon sien julle? Waarom dink julle is dit 'n patroon?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ek het 'n kleine kruiseantjie* (bladsy 100)
- *Plakkaatboek*, Plakkaat 7
- 3 rooi papiersirkels en 3 blou papiersirkels
- Nog 'n groot blou papiersirkel

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ek het 'n kleine kruiseantjie*, met aksies en gebare.
2. **Mondelinge tel:** Tel van 1 tot 5. Klap, stamp, klap, stamp, klap.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Identifiseer patrone in Plakkaat 7. Identifiseer en tel voorwerpe van 1–5.

4. **Probleemoplossing 1–3:** Praat oor Plakkaat 7.**Leidende vrae:**

- ★ Watter tyd van die dag dink julle is dit? Waarom?
- ★ Wat dink julle sal Pappa volgende koop? Hoeveel?
- ★ Hoeveel pynappels is daar? Hoeveel sal oorbly as ons een koop?

5. **Vaslegging van patroon:** Drie leerders hou die drie rooi sirkels vas. Vra hoeveel leerders jy nodig het om die blou sirkels vas te hou. Leerders vorm twee groepe: een wat rooi en een wat blou sirkels vashou. Laat leerders so staan dat hulle die sirkels as volg vashou: blou, rooi, blou, rooi. Sê saam die name van die kleure.**Leidende vrae:**

- ★ Vertel my van hierdie patroon.
- ★ Met watter kleur het ons begin? Wat kom volgende?

Vra leerders of dit moontlik is om patrone te hoor, en of patrone slegs gesien kan word. Maak 'n liggaamsklankpatroon, en maak elke klank twee keer, byvoorbeeld: klap, klap, stamp, stamp, klap, klap, stamp, stamp. Herhaal hierdie patroon 'n paar keer.

Leidende vrae:

- ★ Wat het julle gehoor?
- ★ Hoeveel keer het ek geklap? Klap en tel saam.
- ★ Hoeveel keer het ek gestamp? Stamp en tel saam.
- ★ Wat het ek volgende gedoen?
- ★ Wat was die eerste twee klanke?
- ★ Wat het daarna gekom?
- ★ Watter twee klanke het ons herhaal?
- ★ Watter patroon het ek gemaak?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Laat sommige leerders 'n kort liggaamsklankpatroon maak wat die ander leerders kan naboots. Hulle sal dalk leiding nodig hê. Vra byvoorbeeld: "Watter klank wil julle aan die begin hê?", "Watter klank wil julle volgende maak?", ensovoorts.

Dag 4**Wat jy nodig het**

- Liedjie: *Ek het 'n kleine kruywaentjie* (bladsy 100)
- Dieretellers
- Die getalle 1–5 op die wasgoedlyn

1. **Liedjie:** Sing, *Ek het 'n kleine kruywaentjie*, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** Leerders kies watter liggaamsdele hulle wil gebruik terwyl hulle van 1 tot 5 tel, soos op Dag 1. Vra verskillende leerders vir voorstelle oor watter liggaamsdele om te gebruik.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders kies vyf eendtellers en vyf hoendertellers en tel dit.

4. **Vaslegging van patroon:** Tien leerders staan voor en elkeen hou 'n eend- of hoenderteller vas. Elke leerder sê watter soort plaasdier hulle het. Vra hulle om hulself in twee groepe te verdeel: een met hoenders en die ander met eende. Vra wat dieselfde is omtrent die diere wat die leerders in hul groepe vashou, en wat verskil. Vra hoe jy die leerders kan rangskik om 'n patroon met die diere te maak. Rangskik leerders saam met die klas in 'n ry sodat hulle 'n patroon vorm. Vra die klas wie om volgende te roep. Sê die name van die diere in die patroon, byvoorbeeld eend, hoender, eend, hoender, eend, hoender.

Leidende vrae:

- ★ Watter dier kom volgende om hierdie patroon voort te sit?
 - ★ Kan ons 'n ander patroon maak met die diere wat die leerders vashou? (byvoorbeeld, eend, eend, hoender, eend, eend, hoender)
- Voltooi die patroon saam.
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ek het 'n kleine kruywaentjie* (bladsy 100)
- Tellers (*Hulpbronstel*)
- 2 hoelahoepels
- 2 kolkaarte en 2 getalsimboolkaarte vir die getal "3"

1. **Liedjie:** Sing, *Ek het 'n kleine kruywaentjie*.
2. **Mondelinge tel:** Leerders kies watter liggaamsdele hulle wil gebruik terwyl hulle van 1 tot 5 tel. Vra verskillende leerders vir voorstelle oor watter liggaamsdele om te gebruik.
3. **Tel van 1–5:** Almal tel saam 'n groep van vyf leerders om voor in die klas te staan en die aksies en gebare vir die liedjie te doen. Sing die liedjie 'n paar keer, met die leerders voor in die klas wat die aksies en gebare uitvoer.
4. **Probleemoplossing 1–3:** Plaas twee hoelahoepels langs mekaar in die middel van die mat. Vra twee leerders om binne-in elke hoelahoepel te staan.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders is in die hoelahoepels?
 - ★ Wat moet ek doen om een groep meer as die ander te maak?
- Laat nog 'n leerder in een van die hoelahoepels staan.
- ★ Is die groepe steeds dieselfde of verskil hulle? Hoe verskil hulle?
 - ★ Hoeveel meer leerders het hierdie groep? (Wys na die groep met drie leerders.)

WENK

Fokus daarop om 1, 2 en 3 te oefen deur voorwerpe in die hoelahoepel te plaas wat in hierdie reikwydte val.

Tel hoeveel leerders daar in elke groep is.

- ★ Wat moet ons doen om die groep van twee dieselfde as die groep van drie te maak?

Laat nog 'n leerder in die groep van twee staan. Tel elke groep. Twee leerders gaan haal die kolkaarte op die wiskundetafel wat by elke groep pas. Twee leerders gaan haal die getalsimboolkaarte wat by die groepe pas.

Twee leerders van die een groep en een van die ander groep gaan sit by die res van die klas. Tel die aantal leerders wat in elke groep oorbly.

- ★ Pas hierdie getalkaarte steeds by die groepe?
- ★ Wat moet ons doen om die kaarte te laat pas?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Vir elke leerder, 'n houer met:
 - Getalsimboolkaarte 1–3
 - Kolkaarte 1–3
 - 10 vrugtetellers (*Hulpbronstel*)
 - 6 gekleurde stokkies
- Kolkaarte (*Hulpbronstel*)
- Papierborde of klein plastiek-jogurtbakkies – 2 per leerder (OF A4-velle papier met 2 sirkels op elk – 1 per leerder)
- 'n Stuk tou

1. **Tel 5 voorwerpe:** Gee vir elke leerder 'n houer. Leerders tel vyf vrugtetellers.
2. **Kolkaarte 1–3:** Wys kolkaarte vir 1 en 2. Wys een “3”-kolkaart en vra: “Hoeveel kolle?” Vra leerders om tellers in dieselfde patroon te rangskik. Vra of hulle die tellers anders kan rangskik. Herhaal vir verskillende “3”-kol-rangskikkings.
3. **Pas kolkaarte en tellers 1–3 bymekaar:** Leerders gebruik die vrugtetellers om elk van die kolkaarte te tel en by tellers te pas.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel vrugtetellers het julle nodig om by die eerste kolkaart te pas?
- ★ Hoeveel meer sal julle vir die volgende kolkaart nodig hê?

4. **Pas kolkaarte en getalsimboolkaarte 1–3 bymekaar:** Leerders hou hul vrugtetellers en kolkaarte in volgorde voor hulle. Plaas 'n stel getalsimboolkaarte 1, 2 en 3 voor hulle. Vra hulle of hulle kan onthou watter diere uit die getalstories by elke getalkaart pas. Wys na elke kaart en vra leerders om die getalle te sê. Leerders bespreek watter getalsimbool en getalnaamkaart by hul kolkaarte pas. Hulle pas getalsimboolkaarte uit hul houers by hul tellers en kolkaarte.



5. **Vaslegging van patroon:** Maak 'n eenvoudige patroon met die vrugtetellers, byvoorbeeld piesang, bessies, piesang, bessies. Die leerders sê die name van die vrugte in die volgorde waarin dit voorkom.

Leidende vrae:

- ★ Hoe weet julle of dit 'n patroon is?
- ★ Watter vrugte sien julle aan die begin van die patroon?
- ★ Watter vrugte sien julle volgende?

6. **Kopiëring van 'n patroon:** Maak 'n ander patroon met die vrugte. Vra leerders om die patroon met hul tellers na te boots.

7. **Maak dieselfde groepe van 1–3:** Plaas 'n stuk tou in die middel van die mat. Vra een leerder om aan elke kant te staan.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders is aan hierdie kant? En aan die ander kant?
- ★ Hoe is albei kante dieselfde?

Voeg nog 'n leerder by een kant. Bespreek die verskil tussen die twee kante.

- ★ Wat moet ons doen om albei kante dieselfde te maak?

Voeg twee leerders by een van die kante.

- ★ Sê vir my wat ek moet doen om albei kante dieselfde te maak.

8. **Probleemoplossing met voorwerpe:** Gee vir elke leerder twee klein jogurtbakkies en ses stokkies. Vra hulle om die stokkies in die houers te plaas sodat albei houers ewe veel stokkies het. Vra wat "dieselfde" beteken. Gee vir elke leerder 'n beurt om die voorwerpe in elke houer te tel om seker te maak dat hulle dieselfde is.

 **WENK**

Leerders kan hul vrugtetellers 1, 2 en 3 op enige manier groepeer. Die fokus is daarop om die korrekte aantal tellers te hê. Leerders sal sien dat drie voorwerpe op enige manier gegroepeer kan word en dat dit drie voorwerpe bly.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: visuele geletterdheid (patrone in prente); patrone in liedjies en ritmes.





Maak seker leerders kan:

- getalsimbole, getalname en kolkaarte 1–3 herken, bymekaar pas en benoem
- voorwerpe by kolkaarte 1–3 pas
- patrone identifiseer
- patrone kopieer

WENK

Gebruik twee patroonstrokke indien die groep groot is, sodat almal kan sien. Sodra die patroon droog is, kan julle die A5-tekeninge op die bladsye met die rand om vasplak.



Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Patroonstrokke
- Spons-, hout- of kurkstempels
- 1 vel A5-papier per leerder
- 1 vel A4-papier per leerder
- 1 vel A5-papier per leerder
- Verf in vlak polistireenbakkies
- Kryte

Leerders gebruik die stempels om 'n patroon te kopieer om 'n rand om hul vel A4-papier te maak. Plaas 'n patroonstrook in die middel van die tafel wat hulle kan kopieer.

Op die A5-vel teken hulle 'n prent met enige drie voorwerpe waarvan hulle hou.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Verf
- 1 wurm-tel-bladsy per leerder
- 1 vel A4-papier per leerder
- 'n Bak met water
- 'n Handdoek

Leerders doop hul vinger in die verf en maak die korrekte aantal vingerafdrukke – 1, 2 of 3 – om die lyf van elke wurm op hul wurmtel-bladsy te vorm.

Wanneer hulle klaar is met die wurm, gebruik hulle vingerverf om hul eie prente te maak wat drie dinge voorstel.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Papier en kryte
- Patroonkaarte (wat tellers en stokpatrone voorstel)
- Tellers en stokkies uit die *Hulpbronstel* – genoeg vir elke leerder om die patroonkaarte te kopieer

Leerders kies 'n patroonkaart. Hulle kopieer die patroon deur die tellers en stokkies te gebruik.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 3 per leerder (bladsy 108)

Leerders vorm die speeldeeg en plaas dit in die korrekte posisies op die speeldeeg-patroontemplant. Hulle behoort speeldeeg te gebruik om die getal "3" te vorm, om drie balle speeldeeg te rol om op die boom te plaas en om drie balle speeldeeg in die rooster te plaas.

Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Herken, identifiseer en benoem 2D-vorms: driehoek
- Vergelyk 3D-voorwerpe en 2D-vorms met mekaar
- Sorteër 2D-vorms
- Voorggrond/agtergrond
- Simmetrie

Nuwe kennis

- Mondelinge tel van 1–10
- 2D-vorms: driehoek
- Voorggrond/agtergrond
- Posisie: voor en agter

Oefen

- Sirkel, vierkant
- Tel voorwerpe van 1–5
- Vaslegging van getalkonseps 1–3
- Plaas getalle van 1–3 in volgorde
- Simmetrie
- Groot, klein
- Sorteër volgens vorm
- Legkaarte met ses stukke

Nuwe wiskunde-woordeskat


driehoek
hoekpunte

glad
voor

agter
kleiner

groter

Maak gereed



Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 3 papiersak-poppe van verskillende groottes (maak seker die groottes is duidelik onderskeibaar: groot, groter, grootste)
- 3 blikkies as staanders vir die poppe
- maak 1 groot en 1 klein posbus
- klein (almal ewe groot) en groot (almal ewe groot) papierdriehoeke van koerantpapier, tydskrifpapier of gewone papier
- kartonuitknipprente van driehoeke, sirkels, vierkante en reghoeke in verskeie groottes en kleure
- 'n fotokopie van die A4-bladsy met driehoeke (bladsy 111) per leerder in 'n groep
- uitknipprente van klein sirkels, vierkante en driehoeke van gekleurde papier vir elke leerder
- maak legkaarte met ses stukke as jy dit nie reeds het nie (bladsy 112)
- verf 'n getalbaan vir 1–10 buite.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Dit is 'n driehoekie* (bladsy 100)
- Getalfriese 1–3
- 3 vierkant-, 4 sirkel- en 5 driehoek-attribootblokke (*Hulpbronstel*)
- Groot kartonsirkel, -vierkant en -driehoek
- 'n Groot vel papier
- 'n Viltpen

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *Dit is 'n driehoekie*, bekend. Wys 'n driehoekprent en wys na die hoeke en sye terwyl leerders sing. Leerders lig hul arms bo hul koppe en druk hul vingerpunte teen mekaar om 'n driehoek te vorm.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders huppel en spring op die getalbaan buite terwyl hulle van 1 tot 10 tel.
3. **Oefen 1–3 met die getalfriese:** Wys na die getalfriese.
Leidende vrae:
 - ★ Van watter dier is daar net een?
 - ★ Watter huis het die meeste diere?
 - ★ Is daar meer sebras of meer meerkatte?
 - ★ As 'n sebra-maat vir die twee sebras kom kuier, hoeveel sebras sal daar in hul huis wees?
 - ★ As een meerkat by die olifant gaan woon, hoeveel meerkatte sal in die meerkatte se huis oorbly?
4. **Tel voorwerpe van 1–5:** Sit die vierkant-, sirkel- en driehoek-attribootblokke op die mat. Almal tel die vierkante saam en pak dit in 'n groep. Doen dieselfde met die sirkels en driehoeke.
Leidende vrae:
 - ★ Watter groep het die meeste vorms?
 - ★ Watter groep het die minste vorms?
 - ★ Hoe kan ons seker maak?
5. **Stel driehoeke bekend:** Wys na die sirkel- en vierkant-attribootblokke. Vra of leerders die name van hierdie vorms onthou. Hou 'n driehoek omhoog.
Leidende vrae:
 - ★ Weet enigiemand wat hierdie vorm genoem word?
 - ★ Kan enigiemand 'n vorm soos hierdie êrens in die klaskamer sien? Hou die groot kartondriehoek op.
 - ★ Hoeveel sye het hierdie vorm? (Tel dit.)
 - ★ Hoeveel hoeke het dit? (Tel dit.)

6. **Verken driehoeke:** Trek die kartondriehoek op 'n groot vel papier na.

Leidende vrae:

- ★ Wat word die vorm op die papier genoem?
- ★ Is hierdie vorm dieselfde as die vorms op die mat?

Vertel my van die driehoek wat ons geteken het.

- ★ Hoeveel lyne het dit?
- ★ Wat kan julle my van die lyne vertel?

Deel driehoeke uit die *Hulpbronstel* uit. Die leerders verken die driehoek in pare – voel aan die reguit sye en raak aan die hoekpunte.

- ★ Hoeveel sye is daar? Hoeveel hoeke is daar?
- ★ Hoe voel dit?

7. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.



Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Hoor my tel* (bladsy 100)
- Tamboeryn
- 10 driehoek-attribuuwblokke (*Hulpbronstel*)
- Liedjie: *Dit is 'n driehoekie* (bladsy 100)
- 'n Groot kartonsirkel, -vierkant en -driehoek teen die muur agter die wiskundetafel
- Bord
- *Plakkaatboek, Plakkaat 8*

1. **Rympie:** Stel die rympie, *Hoor my tel*, bekend.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders stamp en tel van 1 tot 10 op die maat van die tamboeryn.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas 10 driehoek-attribuuwblokke op die wiskundetafel. Tel saam vyf leerders wat vorentoe moet kom. Vra hoeveel driehoeke jy nodig sal hê as elke leerder een moet vashou. Vra 'n ander leerder om vir elke leerder wat voor in die klas staan, een driehoek te gee.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders het die driehoeke uitgedeel?
- ★ Hoeveel leerders hou 'n driehoek vas?
- ★ As een leerder vir my sy/haar driehoek gee (een leerder gaan sit), hoeveel driehoeke bly oor? (Almal tel saam.)

Herhaal totdat al die leerders sit. Vra elke keer hoeveel leerders/driehoeke oor is.

WENK

Moedig leerders aan om op die getalleer van 1 tot 10 te spring wanneer hulle buite speel.

4. **Identifiseer driehoek:** Wys na die groot driehoek teen die muur.

Leidende vrae:

- ★ Wat onthou julle van die driehoek? Wat maak dit 'n driehoek?
 - ★ Hoeveel hoeke het dit? Hoeveel sye het dit? Hoeveel lyne het dit?
- Sing, *Dit is 'n driehoekie*.

5. **Vergelyk vorms:** Wys na die groot sirkel, vierkant en driehoek.

Leidende vrae:

- ★ Watter vorm het reguit sye soos die driehoek?
- ★ Hoeveel sye het die driehoek? En die vierkant?
- ★ Watter vorm het meer sye, die vierkant of die driehoek?
- ★ Hoe verskil die sirkel van die vierkant? En die driehoek?

6. **Probleemoplossing 1–5:** Praat oor Plakkaat 8. Leerders soek na driehoekvorms in die prent.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle enige driehoekvorms sien? Wys my waar hulle is.
- ★ Watter ander vorms kan julle sien?
- ★ (Wys na 'n sirkel- of vierkantvorm.) Is hierdie vorm 'n driehoek? Waarom/waarom nie?
- ★ Hoeveel skeppe roomys het die meisie?
- ★ Hoeveel skeppe sal oorbly as sy een skep eet?
- ★ Watter tyd van die dag dink julle is dit? Hoe weet julle?

7. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Hoor my tel* (bladsy 100)
- Tamboeryn
- Kolkaarte, diere- en getalsimboolkaarte vir getalle 1–3
- Springtou

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Hoor my tel*, op, met aksies.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Spring stadig terwyl julle op die maat van die tamboeryn van 1 tot 10 tel.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Tel vyf leerders om die rympie, *Hoor my tel*, saam op te sê. Herhaal met vyf ander leerders.
4. **Oefen getalle 1–3:** Wys die kol-, diere- en getalsimboolkaarte vir getalle 1–3. Vra leerders om die aantal voorwerpe wat die kaart voorstel op die wiskundetafel te gaan haal.



WENK

Verduidelik die liggaamsdele waarvan 'n mens twee het en wat aan weerskante van die liggaam voorkom.

5. **Verken posisie:** Verdeel leerders in pare. Gee vir elke leerder 'n getal "een" of "twee".

Leidende instruksies:

- ★ Een, staan agter twee.
- ★ Een staan langs twee.
- ★ Twee, staan voor een.

6. **Verken simmetrie:** 'n Leerder staan voor en kyk vir die klas. Hou die springtou so dat dit voor die leerder, op sy/haar middellyn, hang.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel oë/ore/voete het _____ aan een kant van sy/haar lyf? En aan die ander kant?
 - ★ Waar op sy/haar liggaam sien julle slegs een liggaamsdeel?
 - ★ Wat gebeur met sy/haar neus wanneer die springtou in die middel voor sy/haar liggaam hang?
7. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Rympie: *Hoor my tel* (bladsy 100)
- Tamboeryn
- 3 voorwerpe uit die klaskamer
- Prent-, kol- en getalsimboolkaarte vir getalle 1–3
- 3 handpoppe van verskeie groottes
- 3 blikkies as pop-staanders
- Groot en klein papierdriehoëke vir elke leerder
- 'n Groot en 'n klein posbus

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Hoor my tel*, op, met aksies.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders swaai hul heupe en tel van 1 tot 10 op die maat van die tamboeryn.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Tel saam vyf ander leerders as op Dag 3 om die rympie, *Hoor my tel*, op te sê. Herhaal met nog vyf ander leerders.
4. **Verken groot en klein:** Stal die poppe op die blikstaanders uit.

Leidende vrae:

- ★ Watter een is die grootste/kleinste? Hoe weet julle dit?
- ★ Is hierdie een groter as hierdie een?
- ★ Wat maak dit groter/kleiner?

Gee vir drie leerders elk 'n pop. Vra hulle om voor in die klas te staan en die poppe op te hou, van die grootste tot die kleinste. Herhaal met drie ander leerders. Meng die volgorde van die poppe deurmekaar en vra die leerders om dit van die kleinste tot die grootste te rangskik. Vra die klas om na die kleinste, grootste, ensovoorts, te wys.



Hou die posbusse op die wiskundetafel.

5. **Sortering – groot en klein:** Wys vir leerders die posbusse.

Leidende vraag:

- ★ Watter posbus is groter? Watter een is kleiner?

Gee leerders 'n groot of 'n klein driehoek. Hulle pos die groot driehoeke in die groot posbus en die klein driehoeke in die klein posbus.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Hoor my tel* (bladsy 100)
- 5 voorwerpe uit die klaskamer
- Prent-, kol- en getalsimboolkaarte vir getalle 1–3
- Boontjiesakke

1. **Rympie; tel van 1–10:** Sê, *Hoor my tel*, op, met aksies.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders staan in 'n kring en tel van 1 tot 10. Hulle spring vorentoe en agtertoe op elke telling en spring hoog op 10.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders wys die aantal vingers terwyl jy sê: “Ek wens ek het twee lekkers, vier lekkers,” ensovoorts, vir een tot vyf.
4. **Verken simmetrie:** Leerders staan in 'n kring. Sê: “Raak aan jou ore, oë, skouers, knieë.” Vra: “Hoeveel voete, hande, kenne, neuse, magies het jy?”

5. **Oefen posisie:** Gee vir elke leerder 'n boontjiesak of voorwerp om vas te hou. Staan met jou rug na die leerders en voer die bewegings saam met hulle uit.

Leidende instruksies:

- ★ Sit die boontjiesak aan dié kant van jou liggaam; en die ander kant. (Voer die beweging uit.)
- ★ Sit die boontjiesak voor jou liggaam; en agter jou liggaam.
- ★ Sit dit langs jou voete; en bo-op jou voete.



6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede:

- Woordeskatontwikkeling (voorsetsels).
- Vertel stories om klein, kleiner, kleinste; groot, groter, grootste vas te lê.
- Die leerders beweeg deur 'n eenvoudige hindernisbaan. Fokus op rigtings, byvoorbeeld: bo-oor, onderdeur, agter, bo-op.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit


Wat jy nodig het

- Stapel Unifix-blokkies per leerder
- Sirkel-, vierkant- en driehoek-attribuutblokke (meer driehoeke as ander vorms)
- Uitknipprente van 'n driehoek, sirkel, vierkant, reghoek

1. **Tel van 1–10:** Die leerders wys hulle vingers terwyl hulle van 1 tot 10 tel.
2. **Tel voorwerpe van 1–5:** Gee vir elke leerder 'n stapel Unifix-blokkies. Vra hulle om 'n toring van vyf blokke te bou.
3. **Vaslegging van die driehoek:** Vra leerders om vir jou 'n sirkel-, vierkant- en driehoekvorm te wys.

Leidende vrae:

- ★ Watter vorm is dit? (sirkel, driehoek, vierkant) Hoe weet julle?
 - ★ Wat kan julle my van die vorm vertel?
4. **Sorteer vorms:** Leerders maak twee groepe vorms met die attribuutblokke: driehoeke en ander vorms.



Leidende vrae:

- ★ Waarom het julle dit in hierdie groep geplaas?
- ★ Hoe kan ons seker maak dat dit 'n driehoek is?
- ★ Watter groep het meer/minder vorms?
- ★ Watter groep het die meeste/minste vorms?



Maak seker leerders kan:


- mondeling tel van 1–10
- 5 voorwerpe tel
- driehoeke herken en benoem en die kenmerke beskryf
- 2D-vorms in driehoeke en ander vorms sorteer

Werkstasie 1


Wat jy nodig het

- 'n Fotokopie van die A4-vel met driehoeke (bladsy 111) per leerder
- 1 skoon vel A4-papier per leerder
- Skêre, kryte en gom

Leerders knip op die lyne uit om vier driehoeke te maak. Hulle versier hul driehoeke en plak dit met gom op 'n bladsy vas om weer een groot driehoek te maak, soos die oorspronklike.



Werkstasie 2



Wat jy nodig het

- 'n Vel A4-papier, in die helfte gevou
- Verf

Leerders drup kolle verf op een helfte van die bladsy. Hulle vou die bladsy in die helfte sodat die verf op die ander kant afdruk.


Werkstasie 3



Wat jy nodig het

- Papier en gom
- Klein gekleurde papiersirkels, -vierkante, -driehoeke
- 1 skoon vel A4-papier per leerder

Leerders plak die vorms op 'n vel papier vas om 'n vorm-persoon te maak.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Vorm-legkaarte, minimum van ses stukke per leerder

Leerders voltooi vorm-legkaarte.

Fokus van Inhoudsarea: Meting

Onderwerpe

- Tyd: dag en nag
- Lengte
- Vergelyk en orden voorwerpe om lengte te beskryf

Nuwe kennis

- Volgorde van tyd: dag en nag, lig en donker
- Lengte: lengtekaart
- Posisie: op, bo-op, onder, langs, tussen
- Tel terug van 5–1

Oefen

- Mondelinge tel van 1–10
- Plaas getalle van 1–3 in volgorde
- Tel voorwerpe van 1–5
- Vaslegging van 1–3

Nuwe wiskunde-woordeskat

bo-op	langs	nag	lig	korter
onder	tussen	oggend	donker	langste
op	dag	aand	langer	kortste

Maak gereed



WENK

Onthou om die toiletroetine te gebruik om rangtelwoorde (ordinale getalle) en posisie te oefen.

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- uitknipprent van 1 groot son en 1 groot maan
- 5 groot (A4-grootte) uitknipprente elk van wolk, ster, maan en son
- uitknipprente van 3 lampe en 2 kerse
- 'n verskeidenheid huishoudelike voorwerpe om aktiwiteite voor te stel wat ons in die dag en nag doen, byvoorbeeld: tandeborsel, haarborsel, papbakkie en lepel, storieboek met prente, fliets, kers, ligskakelaar, kussing
- prentkaarte van sommige van hierdie voorwerpe
- 'n tafel en genoeg komberse om dit heeltemal te bedek
- 5 nag-prente en 5 dag-prente (byvoorbeeld, kyk na die sterre, steek 'n kers aan, slaap in 'n bed, straatlig, trek slaapklere aan; speel sokker, kom by die skool aan, swem op 'n sonnige dag, braai buite, gee 'n troeteldier kos)
- dag-en-nag-sakkies waarin die storieprente kan pas (sien bladsy 76)
- 'n bladsy met dag en nag daarop geskryf per leerder in die groep (sien bladsy 77)
- 1 A4-vel per leerder met sirkels van verskillende groottes en kleure
- 5 stelle met 5 bypassende dag/nag-legkaartprente (uit tydskrifte of geteken).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Die son is in die lug* (bladsy 100)
- Uitsnipprente van 1 son en 1 maan
- 'n Stuk tou per leerder

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *Die son is in die lug*, bekend. Gebruik die uitsnipprente van die son en maan.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders tel van 1 tot 10 terwyl hulle spring. Hulle klap en tel terug van 5 tot 1 terwyl jy na die getalwasgoedlyn wys.
3. **Dag en nag:** Bespreek dag en nag.

Leidende vrae:

- ★ Wat het julle laasnag gedoen?
 - ★ Kon julle dit in die dag gedoen het? Waarom nie?
 - ★ Wat doen julle in die oggend as julle wakker word? En wat doen julle in die aand voordat dit donker word?
 - ★ Het julle al ooit die maan gesien?
 - ★ Wat doen julle gedurende die dag?
 - ★ Wat doen julle in die nag?
 - ★ Slaap almal snags? Indien nie, waarom nie?
4. **Meting:** Lei die leerders om te praat oor verskillende maniere om dinge te meet.

Leidende vrae:

- ★ As ons wil weet wie van _____ en _____ die langste is, wat kan ons doen?
 - ★ Wat kan ons doen om mense en/of dinge te meet?
 - ★ Het julle al ooit gesien hoe iemand iets meet? Hoe het hulle dit gedoen?
5. **Meting:** Roep 'n groep leerders om voor in die klas langs mekaar te kom staan.

Leidende vrae:

- ★ Wie is die langste in hierdie groep? Hoe weet julle dit?
- ★ Wie is die kortste in hierdie groep? Hoe weet julle dit?
- ★ Is daar leerders hier wat ewe lank is? Hoe weet julle dit?
- ★ Hoe kan ons uitvind?

Leerders staan rug aan rug om lengte te vergelyk.

- ★ Is daar 'n ander manier om te meet hoe lank elke leerder is?
- Die groep leerders staan met hul rûe teen die muur. Trek 'n lyn met bordkryt bo hul koppe.

Skryf elke leerder se naam op die lyn. Knip afsonderlike stukke tou vir elke leerder volgens hul lengte. Maak die tou aan elke leerder se naam vas soos wat hulle gemeet word. Vra een leerder om te kom en na die naam van die kortste persoon in die groep te wys, en een om na die naam van die langste persoon in die groep te wys. Bespreek of leerders dink dat iemand anders in die klas langer as/korter as die leerders in hierdie groep is.



6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Die son is in die lug* (bladsy 100)
- Getalsimboolkaarte, kolkaarte en prentkaarte vir die getalle 1, 2 en 3
- Tamboeryn
- 5 groot uitknippente van sterre en 5 groot uitknippente van wolke
- Uitknippente van 1 maan en 1 son
- Lengtes tou vir een groep vir die lengtekaart

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Die son is in die lug*, met aksies.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders tel aan van 1 tot 10. Wys na die getal-wasgoedlyn terwyl hulle van 5 tot 1 terugtel.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas uitknippente van vyf wolke en vyf sterre op die mure oral in die klaskamer. Vra leerders om die wolke te soek en dit teen die muur in die wiskunde-area te plak. Vra dan ander leerders om die sterre te soek en dit teen die muur te plak. Almal tel die wolke en sterre soos die leerders dit vind.

Leidende vrae:

- ★ Sien ons wolke in die lug in die dag of in die nag?
 - ★ Sien ons sterre in die lug in die dag of in die nag?
 - ★ Hoeveel sterre het ons tot dusver bymekaargemaak? En wolke?
4. **Oefen getalle 1–3:** Plaas die getalsimboolkaarte met 1, 2 en 3 teen die muur onder die getalfriese. Plaas die kolkaarte, prentkaarte en getalnaamkaarte vir 1, 2 en 3 in 'n boks. Leerders maak beurte om hul hand in die boks te steek sonder om te kyk en een kaart uit te haal. Hulle plak die kaart teen die muur langs 1, 2 of 3.

Leidende vraag:

- ★ Is hierdie kaart op die regte plek? Hoe weet ons dit?

Vra drie leerders om een maan of son langs die getalsimbool 1 te plaas, twee sterre langs 2 en drie wolke langs 3.

5. **Dag en nag:** Bespreek dag en nag met leerders.

Leidende vrae:

- ★ Was dit lig of donker toe jy vanoggend wakker geword het?
- ★ Wat doen julle eerste as julle wakker word: eet, was, trek aan?
- ★ Wat doen julle volgende?
- ★ Was dit lig of donker toe jy gister na skool by die huis gekom het?
- ★ Wat doen julle as julle by die huis kom?
- ★ Wat doen julle daarna?
- ★ Verkies jy die dag of die nag? Waarom?
- ★ Wat doen jy snags die graagste?
- ★ Waarvan hou jy die meeste as dit dag is?
- ★ Wat gaan jy vandag na skool doen?



WENK
Verbind die volgorde van daaglikse gebeurtenisse met die aktiwiteite in die dagprogram.

6. **Meting:** Kyk na die lengtekaart. Meet 'n ander groep leerders. Die klas skat wie in hierdie groep langer of korter sal wees as die leerders wat gister gemeet is.

Leidende vrae:

- ★ Wie dink julle sal vandag die langste wees?
- ★ Wie dink julle sal vandag die kortste wees?
- ★ Waarom sê julle so?

Laat leerders rug aan rug staan om uit te vind.

- ★ Is _____ langer of korter as _____?

7. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf vrolike skilpaaie* (bladsy 99)
- Getalsimbool-, getalprent- en kolkaarte vir getalle 1, 2 en 3 (*Hulpbronstel*)
- 5 dieretellers in 'n deursigtige houër
- 5 boontjies of knope in 'n deursigtige houër
- Lengtes tou vir een groep vir die lengtekaart

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf vrolike skilpaaie*, van Week 5. Vra leerders wat hulle dink skilpaaie bedags en snags doen. Leerders maak asof hulle in hul doppe inkruip.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders tel aan van 1 tot 10 en terug van 5 tot 1. Spring vorentoe en agtertoe op die getalbaar buite.



WENK
Doen elke dag aktiwiteite wat mondelinge tel behels op 'n nuwe en opwindende manier.

3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Wys die twee houers met dieretellers en boontjies of knope daarin. Vra leerders om te skat hoeveel hulle dink in elke houer is. Tel dit saam.

Leidende vrae:

- ★ Wie se antwoord was die naaste?
- ★ Is daar dieselfde aantal tellers in elke houer?

Praat oor die feit dat die dieretellers meer ruimte as die boontjies/knops in beslag geneem het, maar dat daar nogtans dieselfde aantal in elke houer is.

- ★ Is daar dieselfde aantal voorwerpe in elke houer?

4. **Oefen getalle 1–3:** Skommel die kol-, prent- en getalsimboolkaarte. Wys dit een op 'n slag vir die leerders. Speel 'n speletjie om uit te vind hoe gou leerders kan sê watter getal die kaart voorstel.
5. **Meting:** Die klas skat wie in hierdie groep langer of korter sal wees as die leerders wat gister gemeet is. Meet die volgende groep leerders en skryf hul name teen die muur. Leerders staan rug aan rug om lengte te vergelyk.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Die son is in die lug* (bladsy 100)
- Getalsimbool-, getalnaam- en kolkaart vir die getal "3"
- 'n Verskeidenheid huishoudelike voorwerpe om aktiwiteite voor te stel wat ons in die dag en nag doen
- Uitknipprente van 3 kerse, 3 lampe en 3 sterre
- *Plakkaatboek*, Plakkaat 1 en 4
- Lengtes tou vir een groep vir die lengtekaart

1. **Liedjie:** Sing, *Die son is in die lug*.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Tel, stamp en klap van 1 tot 10.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas 'n verskillende aantal voorwerpe van verskeie groottes in deursigtige houers. Leerders skat hoeveel daar in die houers is en stel vas hoe akkuraat hul raaiskoot was.
4. **Oefen 1–3:** Plaas die uitknipprente van die kerse, lampe en sterre op die mat. Die leerders maak beurte om drie kerse, drie sterre en drie lampe te gaan haal. Hulle groepeer dit en plak dit teen die muur. Pas die getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir die getal 3 by die groep met drie voorwerpe. Tel elke groep voorwerpe saam met die klas.

Leidende vrae:

- ★ Is daar meer sterre of meer kerse?
- ★ Een ster val uit die lug. Hoeveel sterre bly oor?
- ★ Watter groepe het ewe veel voorwerpe?
- ★ Ek wil dieselfde aantal lampe en kerse hê as sterre. Wat moet ek doen?

WENK

Gebruik voorwerpe op die wiskundetafel (wat dag en nag voorstel) of tema- verwante voorwerpe vir tel-aktiwiteite.

- ★ As twee mense hul lampe afgeskakel het, hoeveel sal nog skyn? (Verwyder twee.)
- ★ Is daar minder kerse of minder lampe?

5. **Nag en dag:** Praat oor Plakkaat 1.

Leidende vrae:

- ★ Wie kan julle in hierdie prent sien?
- ★ Wat doen hulle?
- ★ Dink julle dit is dag of nag? Hoe weet julle dit?
- ★ Maak ons die gordyne bedags oop? Waarom?
- ★ Wat doen julle in die oggend?
- ★ Wat sou baba Thami gedoen het as dit nag was?
- ★ Wat sou almal gedoen het as dit nag was?



Praat oor Plakkaat 4.

- ★ Wie kan julle in hierdie prent sien?
- ★ Wat doen hulle?
- ★ Waar dink julle kom Mamma vandaan? Hoe weet julle dit?
- ★ Wie in jul familie gaan bedags werk toe?
- ★ Dink jy dit is oggend of middag?
- ★ Wat dink jy gaan hulle volgende doen?
- ★ Wat doen julle in die middag?
- ★ Wat doen julle in die aand?
- ★ Waarom kruip Malusi onder die tafel weg?



6. **Posisie:** Praat oor Plakkaat 4.

Leidende vrae:

- ★ Waar is Ouma?
- ★ Waar is Pepper?
- ★ Waar is Malusi?
- ★ Kan enigiemand anders onder die tafel inpas? Waarom?
- ★ Wat kan julle bo-op die tafel sien?
- ★ Waar kruip Laylah weg?
- ★ Daar hang 'n prent teen die muur. Wie is in die prent?
- ★ Is daar enigiets teen die muur onder die prent?
- ★ Wat sien julle langs die stoel?
- ★ Wie is buite?
- ★ Is Mamma binne of buite die huis?

7. **Vaslegging van meting – lengte:** Die klas skat wie in hierdie groep langer of korter sal wees as die leerders wat gister gemeet is. Meet die volgende groep en skryf hul name op die muur. Leerders staan rug aan rug om lengte te vergelyk.

8. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Die son is in die lug* (bladsy 100)
- Prente van 5 groot sterre, mane en sonne
- Uitknipprente van son, maan, sterre, wolke, lampe en kerse
- Kolkaarte, getalsimboolkaarte en prentkaarte vir getalle 1, 2 en 3
- 6 stoele
- Tamboeryn
- Storie: *Malik maak 'n fout* (bladsy 101)
- 5 nag-prente en 5 dag-prente

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Die son is in die lug*. Gebruik 'n prent van die son en maan om te wys hoe die son opkom en sak, en van die son en maan in die lug.
2. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders tel aan van 1 tot 10. Hulle tel terug van 5 tot 1 en spring een keer op elke telling terwyl jy na die getal-wasgoedlyn wys.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Tel die vyf sterre. Tel vyf ander dinge op die wiskundetafel wat snags skyn, byvoorbeeld maan, kerse, lampe (gebruik die uitknipprente).
4. **Oefen getalle 1–3:** Deel die getalsimbool-, kol- en getalnaamkaarte vir sommige leerders uit om by die getalfriese teen die muur te pas.
5. **Meting:** Die klas skat wie in hierdie groep langer of korter sal wees as die leerders wat gister gemeet is. Meet die laaste groep leerders en skryf hul name op die muur. Leerders staan rug aan rug om lengte te vergelyk.

Leidende vrae:

- ★ Wie is die langste in die klas?
 - ★ Wie is die kortste in die klas?
 - ★ Is daar enigiemand wat saam met julle woon wat baie lank is? Vertel ons van hom/haar.
 - ★ Is daar enigiemand by die huis wat korter as julle is? Vertel ons van hom/haar.
 - ★ Wie is die langste persoon wat jy ken?
6. **Posisie:** Plaas ses stoele voor in die klas. Plaas die volgende prente op die mat agter die stoele: drie mane, een son en drie sterre. Kies leerders om die instruksies te volg.

Leidende instruksies:

- ★ Plaas twee mane op 'n stoel.
- ★ Plaas een son langs 'n stoel.
- ★ Plaas een maan onder 'n stoel.
- ★ Gaan haal een ster. Waar wil jy die ster sit?
- ★ Gaan haal twee sterre en sê vir ons waar jy dit gaan sit.
- ★ Wat doen skilpaaie snags wanneer hulle slaap? Leerders gaan lê en kruip in hul skilpaddoppe in.

**WENK**

Beklemtoon maniere waarop daar teen leerders gediskrimineer kan word, aangesien dit verband hou met fisieke voorkoms en lengte.

7. **Dag en nag:** Vertel die storie, *Malik maak 'n fout*.

Leidende vrae:

- ★ Waaroor gaan die storie?
- ★ Het die dag of nag eerste gekom in die storie?
- ★ Hoe weet ons dit? Wat het aan die begin van die storie gebeur?
- ★ Wat gebeur gedurende die nag/dag? Waarom?
- ★ Wat sal gebeur as ons snags skool toe gaan?

8. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Praat oor die aktiwiteite wat leerders eerste in die dag doen en wat dan daarop volg. Vra leerders hoe lank verskeie aktiwiteite neem om te voltooi. Die daaglikse weerkaart, dae van die week en weerkalender word met die konsep van tyd verbind.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Uitknipprente van 5 kerse, 5 lampe, 5 sterre en 5 mane
- 3 komberse
- Dag-en-nag-sakkies en -prente
- 5 verskillende dieretellers (dieselfde diere vir elke leerder)
- 10 blokkies

1. **Mondelinge tel:** Leerders tel van 1 tot 10. Hulle laat hul vingers op die vloer vorentoe "loop" om 1 tot 5 te wys en dan terug om 6 tot 10 te wys.
2. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders tel die uitknipprente van die maan, lampe, kerse en sterre.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel sterre is daar? As ek een wegvat, hoeveel sal oorbly?
- ★ As ek drie kerse het, maar ek wil vyf kerse hê, hoeveel kerse moet ek nog kry?
- ★ Is daar meer sterre of meer kerse?

3. **Verken donker en lig:** Leerders sit onder die komberse.

Leidende vrae:

- ★ Hoe voel dit onder die kombes?
- ★ Wat kan julle onder die kombes sien?
- ★ Waarom is dit so donker?



WENK

Moenie leerders dwing om onder die komberse te sit nie; dalk is party bang vir die donker.

WENK

Onthou om vir leerders tyd te gee om te dink en te antwoord wanneer jy vrae stel. Wees sensitief vir stiller leerders wat dit dalk moeilik vind om in 'n groep te praat.

Vra die leerders om bo-op die komberse te sit.

- ★ Hoe voel julle wanneer dit snags donker is?
- ★ Wat doen julle snags wanneer dit donker raak?
- ★ Waarom voel dit anders om weer buite in die lig te wees?
- ★ Wat doen julle bedags wanneer dit lig is wat julle nie snags in die donker kan doen nie?

Wys die dag- en nag-prente vir die groep en gesels daaroor. Sprei die prente op die mat uit. Leerders maak beurte om 'n dag- of nag-prent te vat en in die regte sakkie te sit.



4. **Posisie:** Gee vir elke leerder vyf dieretellers en twee blokkies.

Leidende instruksies:

- ★ Plaas die koei op die mat voor julle.
 - ★ Plaas die skaap langs die koei.
 - ★ Plaas die koei tussen die eend en die skaap.
 - ★ Plaas die perd bo-op die blokkie.
 - ★ Plaas die hoender onder die blokkie.
 - ★ Pak al die diere in jou houer.
 - ★ Plaas al die diere onder 'n kombers.
5. **Lengtekaart:** Vra leerders om in 'n ry te staan van die langste tot die kortste. Vra die langste leerder om langs sy/haar naam op die muur te staan, en die kortste om langs sy/haar naam te staan. Vra die leerder wat tussen _____ en _____ staan om na sy/haar naam te gaan. Herhaal, en roep langer en korter leerders totdat almal teen die lengtekaart staan.



Maak seker leerders kan:

- prente volgens dag of nag sorteer
- hulself teen die lengtekaart posisioneer
- instruksies volg oor posisies: op, bo-op, onder, langs, tussen

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Skêre, gom, kryte
- Tydskrifte, koerante, advertensiepamflette
- 'n Bladsy met dag en nag daarop geskryf vir elke leerder

Leerders teken of knip prente met die tema van dag en nag uit. Hulle plak dit aan die korrekte kant van die bladsy vas.



Werkstasie 2



Wat jy nodig het


- Kryte
- Papier vir elke leerder

Leerders teken 'n prent van hul familieledede, van die langste tot die kortste.

Werkstasie 3



Knip die vorms uit vir leerders wat hulp nodig het.



Wat jy nodig het

- Prente van sirkels, driehoeke en vierkante in verskillende groottes en kleure
- Skêre en gom

Leerders knip die sirkels, driehoeke en vierkante van verskillende groottes en kleure uit en plak dit van die grootste tot die kleinste.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 5 stelle van 5 bypassende dag/nag-prente – 1 per paar

Leerders werk in pare en pas hul dag- en nag-prente bymekaar. Hulle sit die stel terug en vat 'n ander stel totdat al vyf gedoen is.

Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Getalle in bekende kontekste
- Beskryf, vergelyk en orden getalle
- Probleemoplossing
- Rigting

Nuwe kennis

- Nul
- Skatting
- Rigting: op en af
- Probleemoplossing
- Getalle in bekende kontekste

Oefen

- Tel aan van 1–10
- Tel terug van 5–1
- Tel voorwerpe van 1–5
- Plaas getalle van 1–3 in volgorde
- Getalkonsep 1–3
- Sirkel, vierkant en driehoek
- Legkaarte met ses stukke


Nuwe wiskunde-woordeskat

voor	skat	een meer	af
na	meer	een minder	nul
raai	minder	op	

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- groepsimboolkaarte
- 5 pennetjies, elk met 'n getal van 1–5 daarop geskryf
- 5 bokse: boks 1 bevat enige 10 klein voorwerpe; boks 2 het getalsimboolkaarte van 1–3; boks 3 het getalnaamkaarte een, twee en drie; boks 4 het kolkaarte van 1–3; boks 5 het getalprentkaarte van 1–3
- 'n plakkaat met die lirieke van *Vyf klein woelwaters* op die “beddeken” geskryf, getalsimboolkaarte wat verwyder kan word, en 5 uitknipprente van kinders



- 3 deursigtige houers met onderskeidelik 5, 3 en 1 voorwerp(e)
- 2 groot uitknipprente van pyle
- tamboeryn of ander musiekinstrument
- slaginstrumente vir sowat 21 leerders, byvoorbeeld stokke, blokkies, blikke, emmers, plastiekbottels gevul met rys, klippies, ensovoorts
- 3 hoelahoepels.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1



Onthou om die toiletroetine te gebruik om rangtelwoorde (ordinale getalle) en posisie te oefen.

Wat jy nodig het

- Groepsimboolkaarte
- 3 pennetjies met getalle op
- 5 bokse met voorwerpe (sien "Maak gereed")
- Tamboeryn of ander musiekinstrument
- Slaginstrumente vir 21 leerders
- 3 hoelahoepels

1. **Mondelinge tel:** Vra groepe van vyf leerders om te staan en van 1 tot 10 te tel terwyl jy vir hulle hul groepsimboolkaarte wys. Leerders tel terug van 5 tot 1 en gaan sit wanneer jy aan 'n leerder se skouer raak.
2. **Tel getalle van 1–5:** Leerders sit in 'n kring. Wys vir leerders die boks met tien voorwerpe daarin. Tel vyf voorwerpe saam terwyl jy dit uit die boks haal. Tel die voorwerpe wat oorbly om 'n tweede groep van vyf te maak.
3. **Orden en pas bymekaar in groepe van 1–3:** Vra een leerder om een voorwerp te gaan haal, een om twee voorwerpe te gaan haal en een om drie voorwerpe te gaan haal. Vra hierdie drie leerders om hul groepe voorwerpe in volgorde van 1 tot 3 op die mat te orden. Drie ander leerders gaan haal kolkaarte en pas dit by die groepe. Nog drie gaan haal getalsimboolkaarte en pas dit by die groepe. Nog drie leerders gaan haal getalnaamkaarte en pas dit by die groepe voorwerpe.

Leidende vrae:

 - ★ Is daar meer voorwerpe in hierdie groep of in hierdie groep? Hoe weet ons dit?
 - ★ Watter groep het die meeste voorwerpe? En die minste voorwerpe?

Vra drie leerders om die pennetjies met die getalle 1, 2 en 3 in volgorde op die drie leë bokse op die wiskundetafel te plaas. Vra 'n ander leerder om al die dinge wat tot die groep met die getal 1 behoort te gaan haal en in die regte boks te plaas. Herhaal met 2 en 3.
4. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein woelwaters* (bladsy 101)
- Plakkaat van *Vyf klein woelwaters* met uitknipprente van kinders
- 2 stelle getalnaam-, getalsimbool- en kolkaarte vir getalle 1–3
- 'n Stel kol- en getalsimboolkaarte (*Hulpbronstel*)
- 2 deursigtige houers, een met 3 vrugtetellers en die ander een met 5 vrugtetellers
- Tamboeryn

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *Vyf klein woelwaters*, bekend.
2. **Mondelinge tel:** Leerders staan in 'n kring en tel van 1 tot 10 terwyl hulle saam huppel. Hulle staan stil en kyk vorentoe. Hulle tel terug van 5 tot 1 en gaan sit op 1.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Wys vir leerders die plakkaat van *Vyf klein woelwaters*. Tel die vyf leë kussings op die plakkaat. Vra leerders om die uitknipprente van die kinders te tel terwyl jy hulle in die bed sit.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel kinders sien julle in die bed?
 - ★ Hoeveel kinders is daar as ek nog een in die bed sit? En dan nog een? Haal een uitknipprent van 'n kind uit die bed uit terwyl julle terug tel.
 - ★ Hoeveel kinders sal in die bed oorbly as een kind uitval?
 - ★ As twee kinders uit die bed val, hoeveel bly oor?
4. **Pas getalle 1–3 bymekaar (speletjie):** Kies nege leerders. Die ander staan in 'n kring om hulle. Hou 'n stel getalsimboolkaarte met 1–3 daarop en deel die ander stel aan nege leerders uit. Plaas drie hoelahoepels op die mat met 'n getalsimbool 1, 2 of 3 in elke hoelahoepel. Slaan die tamboeryn. Wanneer die musiek ophou, hou een kaart op. Leerders kyk na hul kaarte en spring in die hoepel as hul kaart ooreenstem met die getal wat jy ophou. Gaan so voort vir al die getalle. Herhaal met ander leerders.
 5. **Skat en tel van 1–5:** Wys die twee houers met vrugtetellers.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel vrugtetellers dink julle is daar in hierdie houer?
- ★ En in hierdie houer?
- ★ In watter houer dink julle is die meeste vrugtetellers?
- ★ Hoe weet julle dit?

Wys die houer met vyf vrugtetellers.

- ★ Hoeveel vrugtetellers dink julle is in hierdie houer?
- ★ Dink julle daar is meer of minder as drie vrugte in die houer? Kom ons tel.
- ★ Het enigiemand die korrekte getal geraai?

Wys die houer met drie vrugtetellers.

★ Hoeveel vrugtetellers dink julle is in hierdie houer? Kom ons tel.

Haal die vrugtetellers uit die houers. Groepeer dit saam, soos in die houers.

★ Watter groep het meer vrugte?

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Herinner die leerders aan die aktiwiteit by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein woelwaters* (bladsy 101)
- Plakkaat van *Vyf klein woelwaters* met uitknipprente van kinders
- 'n Kombers/laken
- Pennetjies met getalle van 1–5
- Getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle 1–3
- Dierekaarte 1–3 (*Hulpbronstel*)
- 5 tema-verwante voorwerpe
- 2 groot uitknipprente van pyle
- 2 A4-velle met 'n tekening van 'n voël op elk

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Vyf klein woelwaters*.
2. **Mondelinge tel:** Staan en tel aan van 1 tot 10. Hurk en tel terug van 5 tot 1. Spring op 1.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Tel die kinders in die bed. Tel vyf leerders om die liedjie te dramatiseer. Die leerders gaan lê in 'n ry langs mekaar. Maak hulle met 'n kombers of 'n laken toe. Sing die liedjie terwyl hulle een vir een uit die bed “val”. Die klas tel 1–5 soos leerders “val”.
4. **Probleemoplossing met voorwerpe van 1–5:** Plaas die voorwerpe wat jy versamel het op die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voorwerpe dink julle is hier? (Tel saam.)
- ★ As ek een wegvat, hoeveel bly oor? (Tel saam.)
- ★ As ek twee wegvat, hoeveel bly oor? (Tel saam.)
- ★ Hoeveel moet ek terugsit sodat daar weer vyf voorwerpe op die mat is? (Tel saam terwyl jy die voorwerpe terugsit.)

5. **Rigting – op, af:** Wanneer jy “op” sê, wys leerders op na die plafon en wanneer jy “af” sê, wys hulle af na die vloer. Kies 'n leerder om voor in die klas te staan. Wanneer die leerder sy/haar hande ophig, staan die leerders op. Wanneer die leerder sy/haar hande laat sak, gaan sit die leerders. Herhaal met twee ander leerders.

Plaas een voëlprent op die hoogte van die leerders se koppe en die ander prent met die kop na onder laer af teen die muur. Wys vir die leerders die op- en af-pyle. Wys 'n pyl op en vra in watter rigting die pyl wys. Laat die ander pyl af wys en vra in watter rigting dit wys. Laat die pyle op of af wys om te wys in watter rigting die voëls vlieg. Plaas die pyle teen die muur om te wys hoe die voëls vlieg. Wanneer jy die pyl op laat wys, staan die leerders op. Wanneer jy die pyl af laat wys, gaan sit die leerders.

- Oefen 1–3:** Wys die dierekaarte 1–3. Hou hulle “op” of “af” en leerders sê “een olifant op”, “twee sebras af”, ensovoorts.
- Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein woelwaters* (bladsy 101)
- Plakkaat van *Vyf klein woelwaters* met uitknipprente van kinders
- ‘n Kombers
- Getalsimbool- en kolkaart vir getalle 1–3
- *Plakkaatboek, Plakkaat 1*
- Tamboeryn

- Liedjie:** Sing die liedjie, *Vyf klein woelwaters*.
- Mondelinge tel:** Meisies tel aan van 1 tot 5. Seuns tel van 6 tot 10. Al die leerders tel terug van 5 tot 1 en klap op 1.
- Tel voorwerpe van 1–5:** Tel vyf leerders om die liedjie te dramatiseer, soos op Dag 3.
- Oefen getalle 1–3:** Leerders beweeg op maat van die tamboeryn. Wanneer die musiek ophou, wys ‘n getalsimboolkaart of kolkaart met die getal 1, 2 of 3. Leerders vorm groepe volgens die kaart wat gewys is.
- Probleemoplossing – meer en minder:** Praat oor Plakkaat 1. Leerders gebruik hul vingers en wys die korrekte getal om jou vrae te beantwoord.

WENK

Dit is belangrik om ouers/versorgers by hul kinders se ontwikkeling te betrek. Moedig ouers aan om betrokke te wees en hul kinders se aanleer van wiskunde tuis en in die gemeenskap te ondersteun.



- ★ Hoeveel mense is in die kombuis?
 - ★ As ons buitentoe sou gaan, hoeveel mense sou ons sien?
 - ★ Hoeveel diere is daar?
 - ★ Hoeveel stoele is daar? Hoeveel bakkies? Hoeveel lepels?
 - ★ Hoeveel bekere kan julle in die prent sien?
 - ★ Hoeveel bekere is op die tafel?
 - ★ Hoeveel ander bekere kan julle sien?
 - ★ Hoeveel borde kan julle sien?
 - ★ Hoeveel blokkies het ons nodig sodat elke persoon in hierdie prent een het?
- Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein woelwaters* (bladsy 101)
- Plakkaat van *Vyf klein woelwaters* met uitknipprente van kinders
- 'n Versameling van 10 alledaagse voorwerpe
- Getalsimbool-, getalnaam- en kolkaart vir getalle 1–3

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Vyf klein woelwaters*.
2. **Mondelinge tel:** Staen en tel aan van 1 tot 10. Hurk en tel terug van 5 tot 1 en spring op 1. Daarna sit almal.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Tel vyf leerders om die liedjie te dramatiseer, soos op Dag 3.
4. **Oefen getalle 1–3:** Gee vir elke leerder 'n getalsimbool-, getalnaam- of kolkaart. Hulle wys nie die kaarte vir mekaar nie. Hulle beweeg rond totdat hulle ander leerders met die bypassende getalle vind.
5. **Gebruik getalle in bekende kontekste:** Kyk uit vir getalle in die klaskamer. Leerders wys na die getal.

Leidende vrae:

- ★ Watter getalle sien julle in die klaskamer?

Kyk na die verjaarsdagkaart en gesels oor leerders se verjaarsdae.

- ★ Hoe oud is jy?
- ★ Wanneer is jou verjaarsdag? Op watter datum is jou verjaarsdag?
- ★ Kan jy vir my daardie getal op die kalender wys?

Leerders wys na hul prent en sê hul verjaarsdagdatum.

6. **Oefen posisie en rigting:** Speel Sizwe sê. Leerders volg die aksies vir Sizwe sê. As jy nie sê "Sizwe sê" nie, moet leerders stilstaan en niks doen nie.

Leidende instruksies:

- ★ Sit jou hande agter jou rug.
- ★ Sit jou hande op jou kop.
- ★ Sit hierdie hand voor hierdie skouer.
- ★ Strek op en draai.
- ★ Buig af en raak aan jou tone.

 **WENK**

Identifiseer getalle in bekende kontekste tydens roetineye, tussen aktiwiteite en in speletjies, byvoorbeeld wanneer jy die register doen, wanneer julle kaartspeletjies speel en weer- of kalender-aktiwiteite doen.

 **WENK**

Gebruik aksies wat kruising van die middellyn aanmoedig. Fokus op woorde wat posisie aandui, soos: dié kant, daardie kant, op, af, onder, bo-op, langs, tussen, in, uit, binne-in, vorentoe, agtertoe, voor, agter.

7. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 6 klein speelgoedkarretjies
- 3 kartonbokse met openinge uitgesny waar karretjies kan "inry"
- Getalnaam-, getalsimbool- en kolkaarte vir getalle 1–3
- 'n Houer vir elke leerder met getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle 1–3, en 6 vrugtetellers (uit die *Hulpbronstel*)
- 'n Deursigtige houer met nie meer as 5 vrugtetellers nie
- 2 groot ronde plastiekdeksels vir elke leerder

1. **Mondelinge tel van 1–10:** Leerders klap terwyl hulle van 1 tot 10 tel. Leerders tik liggies op die mat terwyl hulle terug tel van 5 tot 1.
2. **Pas getalsimbole by karretjies:** Maak motorhuise deur drie kartonbokse in 'n ry te plaas, met die openinge na die leerders toe. Stal 'n getalsimboolkaart met 'n 1, 2 of 3 bo-op elke boks uit. Gee vir drie leerders kolkaarte vir getalle 1–3. Hulle kies die regte aantal karre om by hul kolkaarte te pas en parkeer hul karre in die regte motorhuis.

Leidende vrae:

- ★ Waar gaan julle jul kar/re parkeer? Waarom?
 - ★ Hoeveel karre behoort julle in hierdie motorhuis te parkeer?
 - ★ Watter motorhuis het meer/minder karre?
 - ★ Watter motorhuis het twee karre?
3. **Pas getalle by vrugtetellers:** Gee vir elke leerder 'n houer. Hulle pak die tellers uit in volgorde van 1 tot 3. Dan pas hulle die getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte daarby.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel vrugtetellers het julle in elke groep?
 - ★ Kan julle vir my die groep met twee vrugtetellers wys?
 - ★ Watter getal kom na 2? Wys my die groep met daardie getal.
- Fokus op die groep met drie tellers:
- ★ Gee vir my een vrugteteller. Hoeveel vrugte het julle nou?
 - ★ Pas hierdie groep vrugte steeds by die getalkaarte?
 - ★ Hoeveel vrugte moet ek vir julle gee om weer daardie getal te hê?
4. **Skatting:** Plaas vrugtetellers (nie meer as vyf nie) in 'n deursigtige houer. Vra leerders om te skat hoeveel in die houer is. Tel dan die items.
 5. **Skud en breek:** Wys vir die leerders die drie vrugtetellers in jou hande. Tel dit. Speel "Skud en breek" met die vrugtetellers.



WENK


Skatting gaan daaroor om die getal so akkuraat moontlik te skat. Wilde raaiskote is nie skatting nie.



Leerders tel drie vrugtetellers uit hul houers en plaas dit op die mat voor hulle. Gee vir elke leerder twee deksels. Speel die "Skud en breek"-speletjie saam: Leerders plaas hul tellers op hul twee deksels soos hulle dit "opgebreek" het. Hulle maak beurte om te sê hoeveel hulle op elke deksel het.

- ★ Hoe het julle jul tellers opgebreek?
- ★ Hoeveel het julle op elke deksel?
- ★ Wie s'n is dieselfde? Wie het iets anders gedoen? Waarom is dit dieselfde/verskillend?

Herhaal, en vra die leerders om die tellers op soveel maniere moontlik op te breek.



6. **Stel nul bekend:** Praat oor die leë deksel, as 'n leerder geen tellers op een deksel het nie en vyf op die ander. Noem dat daar niks of nul op een deksel en vyf op die ander is.
7. **Rigting:** Speel 'n speletjie met pyl-kaarte. Leerders volg die op- en af-tekens deur hulle vingers, arms, bene en liggame te gebruik.



Maak seker leerders kan:

- 'n aantal voorwerpe skat
- probleemoplossingstegnieke gebruik: tel almal
- een meer en een minder in 'n versameling voorwerpe identifiseer
- rigting vir op en af volg
- versamelings van 1, 2 en 3 identifiseer en in volgorde plaas

Werkstasie 1



Wat jy nodig het

- 1 voorbereide bladsy (soos in foto aangetoon) per leerder
- Speeldeeg


Leerders maak voorwerpe van hul keuse uit speeldeeg en plaas dit langs elke getal.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 1 voorbereide bladsy (soos in foto aangetoon) per leerder
- Kryte

Leerders teken enige voorwerp of voorwerpe om by die getalle in die vorms op hul bladsye te pas.



Werkstasie 3



Wat jy nodig het

- 1 voorbereide bladsy (soos in foto aangetoon) per leerder
- Uitknipprente van 2 bome, 1 maan en 3 sterre in 'n houer vir elke leerder
- Gom en kryte

Leerders maak 'n prent deur 3 sterre, 2 bome en 1 maan op hulle bladsy te plak. Hulle besluit wat in die lug moet wees en wat op die grond moet wees en teken ander details van hul keuse.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 1 legkaart (minimum van ses stukke) per leerder

Leerders bou legkaarte.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Gebruik woordeskat wat rigting aandui terwyl die leerders buite speel, byvoorbeeld, op met die leer, af met die glyplank. Leerders speel 'n speletjie waar hulle in en uit spring. Gebruik 'n tou en maak of een kant 'n rivier is en die ander kant die rivierwal. Leerders spring in die rivier en spring dan weer uit voordat die "krokodil" hulle kan gryp.



Gee vir leerders legkaarte wat by hul ontwikkeling pas.

Fokus van Inhoudsarea: Datahantering

Onderwerpe

- Versamel en sorteer voorwerpe
- Voorstelling van gesorteerde versamelde voorwerpe
- Bespreking en verslagdoening van gesorteerde versamelde voorwerpe

Nuwe kennis

- Versamel, sorteer en stel versamelde voorwerpe voor
- Bespreek gesorteerde versamelings voorwerpe en doen verslag daaroor

Oefen

- Mondelinge tel van 1–10
- Tel voorwerpe van 1–5
- Plaas getalle van 1–3 in volgorde
- Getalkonsep 1–3
- Voor en na
- Kopieer patrone
- Probleemoplossing

Nuwe wiskunde-woordeskat

versamel	sorteer	altyd	kolom	sommige
versameling	vergelyk	soms	ry	altesaam
groepeer	pas bymekaar	nooit	alles	kalender

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite vir:

- 'n prent van 'n taxi
- 10 glimlaggende gesigte, geteken op stukkies karton om kinders in die taxi voor te stel
- verskillende soorte skoon herwinbare voorwerpe: plastiekmelkbottels, -sakke en -houers, kartonmelkhouers, kartonbokse, deksels
- weersimbool-byskrifte vir sonnige, reënigerige, bewolkte en winderige dae
- die kalender vir die huidige maand waarop die leerders die daaglikse weer kan aanteken. Maak genoeg byskrifte van dieselfde grootte vir elke soort weer op die kalender: sonnig, reënigerig, bewolk, winderig.
- 'n groot vel papier om 'n weersimbool-piktogram te maak. Teken die vier weersimbole onder aan die vel papier.
- klere, serpe, hoede, sakke, handskoene, sokkies, gordels, dassie
- 'n houer vir elke leerder met wisselende versamelings van 4, 3, 2 groepe dieretellers uit die *Hulpbronstel*
- 'n vel A4-papier vir elke leerder met 3 kolomme en 4 rye.



WENK

Onthou om die toiletroetine te gebruik om rangtelwoorde (ordinale getalle) en posisie te oefen.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Getalfriese vir getalle 1–3
- Kol-, getalnaam-, getalsimbool- en prentkaarte vir getalle 1–3 (*Hulpbronstel*)
- 'n Vullissak met skoon herwinbare voorwerpe
- Kaarte met leerders se name en simbole

1. **Liedjie/rympie:** Oefen 'n liedjie of rympie wat hierdie kwartaal geleer is.
2. **Mondelinge tel:** Tel aan van 1 tot 10 en terug van 5 tot 1.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas die herwinbare voorwerpe op die mat. Praat oor die gebruike van hierdie voorwerpe. Almal tel saam 'n groep van vyf voorwerpe.
4. **Oefen getalle 1–3:** Gee vir leerders kol-, getalnaam-, getalsimbool- en prentkaarte vir getalle 1 tot 3. Ander leerders tel en vorm groepe van drie voorwerpe. Leerders pas die kaarte by die groepe.
5. **Sorteer en klassifiseer:** Sit al die herwinbare voorwerpe op een hoop.

Leidende vrae:

- ★ Hoe dink julle behoort ons hierdie voorwerpe te sorteer?
- ★ Waarom dink julle ons moet dit só doen?
- ★ Kan ons dit op enige ander manier sorteer?
- ★ Watter van hierdie voorwerpe is dieselfde? Waarom? (Versamel dit en groepeer dit saam.)
- ★ Wat kan ons hierdie groep noem? (byvoorbeeld, voorwerpe wat van plastiek gemaak is, voorwerpe waarin ons kos bêre)

Vorm ander groepe met die voorwerpe.

- ★ Wat kan ons hierdie groep noem?

Herhaal sodat daar drie groepe is, byvoorbeeld, melkhouers, plastieksakke en bokse.

- ★ Is die materiale wat gebruik is om enige van die voorwerpe in enige van hierdie groepe te maak, dieselfde?

Groepeer al die voorwerpe weer saam in een groot groep.

- ★ Kan julle aan enige ander groepe dink wat ons met hierdie voorwerpe kan maak?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by die vier werkstasies. Herinner leerders aan die opruimproses.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Taxi, taxi* (bladsy 101)
- Prent van 'n taxi en 10 glimlaggende gesigte
- Getalsimboolkaarte vir getalle 1–3
- 'n Boks met 'n versameling klere, byvoorbeeld serpe, hoede, sakke, handskoene, sokkies, gordels, dasse

1. **Rympie:** Stel die rympie, *Taxi, taxi*, bekend. Plak die prente van die glimlaggende gesigte in die taxi terwyl jy die rympie opsê.
2. **Mondelinge tel:** Tel aan van 1 tot 10 en terug van 5 tot 1 terwyl jy na die taxi-prente wys.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Almal tel saam 1–5 glimlaggende gesigte. Tel dan nog 1–5.
4. **Oefen getalle 1–3:** Gee vir drie leerders 'n getalsimboolkaart met 1, 2 of 3 in lukrake volgorde. Hulle wys hul kaarte vir die klas. Vertel vir die klas dat hierdie leerders op die taxi wag.

Leidende vrae:

★ As ons 'n ry met hierdie leerders maak, wie moet eerste staan? Tweede? Derde? En volgende?

★ Watter getal is laaste in hierdie ry?

Vra die leerder met die getal 2 om 'n maat te kies sodat daar twee van hulle is.

★ Moet _____, wat die kaart met die getal 1 vashou, maats vir sy/haar groep kies? Waarom nie?

Vra die leerder met die getal 3 om twee maats te kies sodat daar drie van hulle is.

5. **Versameling en sortering van data:** Sprei die klere uit.



Leidende vrae:

★ Hoe kan ons hierdie voorwerpe groepeer?

★ Watter van hierdie voorwerpe is dieselfde? Waarom? (Versamel dit en groepeer dit saam.)

★ Wat kan ons hierdie groep noem? (byvoorbeeld, sokkies, serpe, gordels, hoede)

★ Kan ons dit sorteer in klere wat ons dra as dit warm of koud is?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Taxi, taxi* (bladsy 101)
- 10 stoele van leerder-grootte
- Prent van taxi en 10 glimlaggende gesigte
- 5 hoede
- Getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle 1–3
- 'n Sak vol verskillende soorte skoon herwinbare voorwerpe

1. **Rympie:** Sê *Taxi, taxi* op terwyl jy na die gesigte in die taxi wys.
2. **Mondelinge tel:** Tel aan van 1 tot 10 en terug van 5 tot 1 terwyl jy na die taxi-prente wys.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Tel vyf stoele en pak dit in 'n ry. Tel nog vyf stoele en maak 'n tweede ry langsaan, soos in 'n taxi. Vra hoeveel leerders jy nodig het om elk van die twee rye vol te maak. Tel saam vyf leerders vir een ry. Herhaal vir die volgende ry. Vra vyf leerders om langs die "taxi" te staan. Tel saam vyf hoede vir elk van dié leerders.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders wat hoede dra, wag vir die taxi?
 - ★ Hoeveel sitplekke is daar in hierdie ry?
 - ★ Is daar genoeg sitplekke in hierdie ry vir die leerders wat hoede dra?
 - ★ Is daar genoeg sitplekke in hierdie ry vir leerders sonder hoede?
 - ★ Hoe weet ons of daar genoeg sitplekke is vir al hierdie leerders wat wag?
4. **Tel terug van 5–1:** Tel terwyl leerders van elke ry teruggaan na hul plekke.
 5. **Oefen getalle 1–3:** Sorteër die skoon herwinbare voorwerpe saam met die leerders in groepe van drie. Hulle pas die getalnaam-, getalsimbool- en kolkaarte vir 1–3 by die groepe herwinbare voorwerpe.
 6. **Versameling en sortering van data:** Sê: "Ek wonder hoeveel leerders het sokkies aan." Leerders staan in 'n kring. Roep verskillende kenmerke uit, en leerders wat hierby pas, kom na die middel van die kring.

Leidende instruksies:

- ★ Leerders wat sokkies aanhet, staan bymekaar.
- ★ Leerders wat sandale aanhet, staan bymekaar.
- ★ Leerders wat nie skoene aanhet nie, staan bymekaar. (Sorg dat jy die skoensorte noem wat al die leerders sal insluit.)

Leidende vrae:

- ★ Is dit maklik om te sien hoeveel leerders sokkies aanhet?
 - ★ Hoe kan ons die leerders rangskik om dit maklik te maak om dit te sien?
7. **Stel die data voor:** Leerders stel maniere voor om hulself te rangskik. Lei hulle om in rye te sit wat leerders met sokkies, met sandale, ensovoorts, voorstel.



WENK

Gebruik hierdie geleentheid om kennis van agter, voor en langsaan vas te lê.

8. **Ontleed data en doen verslag daaroor:** Bespreek die groepe leerders.

Leidende vrae:

- ★ Watter groep het meer/minder/dieselfde aantal leerders?
- ★ Hoeveel leerders het sokkies aan?

9. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Rympie: *Taxi, taxi* (bladsy 101)
- 10 leerder-grootte stoele
- Getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle 1–3
- Kalender vir die huidige maand waarop die weer aangeteken is
- Prente om die weer elke dag van die maand voor te stel


1. **Rympie:** Sê die rympie, *Taxi, taxi*, op. Herhaal die aktiwiteit met die taxi-sitplekke van Dag 3 met 'n nuwe groep leerders.
2. **Mondelinge tel:** Wys vingers terwyl julle van 1 tot 10 en terug van 5 tot 1 tel.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Die leerders tel 5 son-, 5 reën-, 5 wind- en 5 wolk-prente. Plaas dit in groepe op die mat terwyl julle tel.
4. **Oefen getalle 1–3:** Gebruik die getalfriese vir getalle 1–3. Wys na elke getal terwyl leerders tel.

Leidende vrae:

- ★ Watter huisnommer kom voor 2?
- ★ Watter huisnommer kom tussen 1 en 3?
- ★ Watter huisnommer is een meer as 2?
- ★ Watter huisnommer is een minder as 3?

Drie leerders plak 1, 2 of 3 wolk-, reën- of son-prente onder die toepaslike getalfries.

5. **Samel data in:** Kyk na die huidige maand se kalender waarop leerders die daaglikse weer aangeteken het.



Leidende vrae:

- ★ Wat wys hierdie kalender vir ons?
- ★ Hoe kan ons uitvind of ons hierdie maand meer sonnige as ander dae gehad het?


Probeer om elkeen te tel en wys hoe moeilik dit is om tred te hou met die tellery. Vra leerders om 'n oplossing voor te stel. Pas die weerprente by die kalendertekening soos die leerders tel. Plaas die prente lukraak op die mat.

★ Hoe kan ons hierdie prente groepeer?

6. **Sorteer data:** Vra leerders hoe ons die data kan sorteer. Groepeer die prente in groepe: bewolk, sonnig, reënerig en winderig.

★ Wat sal ons elke groep noem?

7. **Voorstelling van data:** Vra leerders hoe ons die prente kan rangskik sodat ons makliker kan sien of daar meer sonnige as ander dae in die maand was. Lei leerders om die prente in kolomme te plaas. Stel voor dat die prente in vier kolomme teen die muur geplak word. Plaas 'n kaart met die getal onder elke kolom om die weer aan te dui. 'n Paar leerders plak die prente in die korrekte kolomme.



8. **Ontleed data:** Kyk na die weerpiktogram.

Leidende vrae:

★ Van watter soort weer het ons die meeste/minste/ewe veel gehad? Hoe weet julle dit?

★ Het ons meer reënerige, winderige, bewolkte of sonnige dae gehad?

9. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Taxi, taxi* (bladsy 101)
- 10 stoele van leerder-grootte
- 2 stelle getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle 1–3
- Weerpiktogram

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Taxi, taxi*, op. Herhaal die aktiwiteit met die taxi-sitplekke van Dag 3 met 'n nuwe groep leerders.

2. **Mondelinge tel:** Tel aan van 1 tot 10 en terug van 5 tot 1 op marsritme.

WENK

Die karton waarop die weerprente geteken word, moet presies ewe groot wees. Plaas die prente bo mekaar in die kolomme, met geen spasie daartussen nie, sodat die leerders maklik kan sien watter kolom die meeste, minste of ewe veel het.

WENK

Stel die "taxi" in die fantasie-area op sodat leerders dit gedurende vryspel kan gebruik.

3. **Oefen getalle 1–3:** Gee vir nege leerders elk een getalsimboolkaart, getalnaamkaart of kolkaart. Herrangskik die “taxi-sitplekke” in drie rye van drie elk. Plaas getalnaamkaarte agter op elke stoel. Leerders sit op die stoel wat by hul kaart pas wanneer jy hulle getal uitroep.
4. **Oefen dataversameling en -voorstelling:** Kyk na die weerpiktogram van Dag 4.

Leidende vrae:

- ★ Watter prent kan ons byvoeg vir vandag se weer? In watter kolom?
- ★ Van watter weer het ons die meeste/minste/dieselfde aantal dae gehad? Verskil dit van wat ons gister gesê het? Hoe weet julle dit?

Tel die weerkaarte vir elke soort weer op die piktogram. Verander die getal onder die kolom waar vandag se prent kom.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Herinner die leerders aan die aktiwiteite by die werkstasies en die opruimproses.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- ‘n Houer vir elke leerder met wisselende versamelings van 4, 3 en 2 groepe dieretellers (uit die Hulpbronstel)
- ‘n Vel papier vir elke leerder met 3 kolomme en 4 rye

1. **Tel van 1–10:** Leerders sit in pare en kyk na mekaar. Hulle klap stadig hul hande teen mekaar terwyl hulle tot by 10 tel. Herhaal.
2. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas dieretellers op die mat. Leerders maak beurte om van 1 tot 5 te tel.
3. **Sorteer en klassifiseer:** Vra leerders om die dieretellers op ‘n ander manier te rangskik en na te gaan of daar steeds vyf is. Vra leerders om die dieretellers uit hul houe te haal en te sorteer.

Leidende vrae:

- ★ Hoe het julle die diere sorteer? Sê waarom julle dit so gedoen het.
- ★ Kan julle dit op ‘n ander manier sorteer?
- ★ Is enige van die groepe dieselfde? (kleur, diersoort)

Plaas ‘n hoop met 3 eende, 2 hoenders en 1 perd in die middel van die sirkel.

- ★ Hoe kan ons uitvind of daar meer eende as hoenders in die groep is?

4. **Sorteer data:** Verdeel die diere in groepe.

Leidende vrae:

- ★ Kan ons nou sien of daar meer eende as hoenders is?
- ★ Hoe kan ons dit vasstel?

5. **Voorstelling van data:** Sit 'n vel papier met drie kolomme op die mat. Sit een dier onder aan elke kolom. Leerders sit hul diere in die kolomme op hul vel papier.
6. **Interpretasie van data:** Kyk saam na die kolomme.

Leidende vrae:

- ★ Is daar meer eende of meer hoenders? Hoe weet ons dit?
- ★ Watter kolom het meer/minder diere?
- ★ Is enige van die kolomme dieselfde?

Gee vir elke leerder hul eie versameling van 4, 3 of 2 diere. Verduidelik dat hulle elkeen 'n ander versameling diere het. Stel aan elke leerder 'n spesifieke vraag op grond van die aantal diere in hul eie versamelings, byvoorbeeld:

- ★ Het jy meer skape of meer perde?
- ★ Hoe kan jy uitvind?
- ★ Hoe kan jy jou versameling in groepe sorteer om die antwoord te kry?
- ★ Wat sal jy doen nadat jy jou diere in groepe gesorteer het?

Lei leerders om te begin deur een van elk van die verskillende diere onder aan elke kolom van hul bladsy te plaas. Interpreteer saam die data deur elke leerder se verskillende groepe te vergelyk. Vra vir elke leerder om te verduidelik hoe hulle weet van watter diere hulle meer het.



Maak seker leerders kan:

- versamelings voorwerpe versamel, sorteer en voorstel
- 1–5 voorwerpe tel

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- 'n Versameling herwinbare voorwerpe
- 5 bokse vir elke paar leerders

Hierdie aktiwiteit behoort op die mat gedoen te word, want die leerders sal plek nodig hê. Pare leerders sorteer die voorwerpe en sit dit in die bokse.



Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Rooi, blou, groen en geel items om te sorteer
- Houers vir kleur-sortering met 'n byskrif wat die kleur aandui

Leerders sorteer die voorwerpe in die houers met die regte kleur.

Werkstasie 3


Wat jy nodig het

- Sorteerskinkborde
- Items uit die natuur om te sorteer: blare, takkies, blomblare, klippies, saadpeule, skulpe, vere

Leerders sorteer die voorwerpe in bokse of op skinkborde.



Werkstasie 4



Wat jy nodig het

- Tou of maskeerband
- Blokkies
- Berei die blok-area voor – skep een patroon per leerderpaar

Leerders werk in pare om patrone in die blok-area te kopieer. Hulle doen 'n ander patroon wanneer hulle klaar is met een. Hulle skep hul eie patrone nadat hulle al vier patrone voltooi het.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede:

- Gebruik simbole om iets voor te stel (ontluikende geletterdheid).
- Intrepreteer simbole.
- Speel speletjies waar die leerders volgens sekere kriteria gesorteer word, byvoorbeeld, dié wat daardie oggend sap gedrink het, dié wat na skool aan sport gaan deelneem, dié wat skool toe gestap het.

Assessering

Kwartaal 1: Voorbeeld van Verslag van Deurlopende Assesserings

Sleutel	GETALLE, BEWERKINGS EN VERWANTSKAPPE										PATRONE, FUNKSIJS EN ALGEBRA					OPMERKINGS	Finale kodering		
	Tel aan tot by 10	Skat en tel voorwerpe: 1-5	Tel terug: 5-1	Herken getalle in bekende kontekste	Verstaan rangorde (ordinale getalle), bv. in volgorde in 'n ry	Identifiseer kol-/prentkaart: 1-3	Identifiseer getalsimbole: 1	Identifiseer getalname: een	Plaas getalle in volgorde: 1-3	Verstaan een-tot-een-ooreenstemming	Onderskei tussen baie en minder	Los probleme met konkrete voorwerpe op	Los probleme op deur vingers of tellers te gebruik	Identifiseer patrone in omgewing	Herken die "herhaling" in patrone			Kopieer en voltooi patrone	Kopieer patrone met lyfslagwerk
Leeders se name																			
Datum																			
✓ = bevoeg																			
● = gedeeltelik bevoeg																			
X = nog nie bevoeg nie																			

Hulpbronne

Liedjies, rympies en stories

Week 1

Storie: Bekendstelling van die Grade R Maths-familie saam met Plakkaat 4

Dit is die Plakkaatboek-familie. Ouma en die kinders wag in die sitkamer vir Mamma om na werk huis toe te kom. Ouma sit in die stoel en lees en luister of sy vir Thami, wat in haar bed slaap, kan hoor. Pappa is nog nie by die huis nie, maar jy kan hom en Thami in die familiefoto teen die muur sien. Kan julle hulle sien?

Laylah en Malusi kruip weg. Hulle wil uitspring en hul mamma verras wanneer sy by die huis instap.

“Sjy, Malusi, bly stil, jy gaan die verrassing bederf!” sê Laylah.

Pepper, die kat, luister na die kinders en maak of sy slaap, en Dash speel in die tuin. Skielik begin Dash blaf, hardloop rond en swaai sy stert wild.

“Dit moet Mamma wees,” fluister Malusi. “Bly tjoepstil en moenie beweeg nie.”

Mamma maak die deur oop en sien vir Ouma, maar niemand anders nie.

“Hallo!” sê sy, en Ouma sê hallo, maar sy hou die geheim van waar die kinders wegkruip.

Mamma sê: “Dis so stil hier. Waar’s die kinders?”

“Ek weet nie,” sê Ouma met ’n effense glimlag en ’n vonkel in haar oog.

“Verrassing!” skree Malusi en Laylah toe hulle uit hul wegkruipplekke skarrel. Pepper skrik en spring uit haar boks uit en Dash spring op en af van opwinding. Mamma is baie verbaas en lag saam met die kinders.

“Waaa!” huil Thami.

“Ai, tog!” sê almal.

Telrympie: *Vyf in my familie*

Mamma-vinger, Mamma-vinger, waar is jy?
Hier is ek, hier is ek, ons is 1.

Pappa-vinger, Pappa-vinger, waar is jy?
Hier is ek, hier is ek, nou is ons 2.

Laylah-vinger, Laylah-vinger, waar is jy?
Hier is ek, hier is ek, nou is ons 3.

Malusi-vinger, Malusi-vinger, waar is jy?
Hier is ek, hier is ek, nou is ons 4.

Thami-vinger, Thami-vinger, waar is jy?
Hier is ek, hier is ek, nou is ons 5.

Week 2

Telliedjie: *Hokey Pokey*

Eers die linkervoet voor,
Dan die linkervoet terug,
Nou die regtervoet voor,
En draai om en om.

Jy doen die Hokey Pokey.

Een tree na links, een tree na regs.

Hande klap en rondomtalie draai!

(Herhaal deur die ander voet en dan ander liggaamsdele te gebruik.)

Telrympie: *Piesangs*

Een piesang, twee piesangs,
drie piesangs en vier.

Vyf piesangs in ’n tros,
kom ons eet almal op.

Storie: Getal 1-storie (met patroontemplaat vir Getal 1-fries)

Van die diere wou bymekaar woon. "Kom ons bou huise langs mekaar," sê hulle. "Dit sal pret wees!"

En so begin die diere hul huise bou.

Die eerste huis behoort aan Olifant. Hy is groot en woon heeltemal alleen in sy huis. Hy verf 'n groot 1 op sy huis se dak. Sy huis het een deur en een venster. In Olifant se tuin is daar een blom, een piesangboom en een bankie. Olifant hou daarvan om elke dag op die bankie onder die boom te sit en aan die blom te ruik. Hy hou ook daarvan om in die lug op te kyk vir goed wat kan vlieg. Wat dink julle sien hy?

Week 3

Telrympie: Een babavissie

Een babavissie swem alleen in die see,
Sy kry 'n maat, en nou's daar twee.
Twee babavissies vra: "Wie's dit dié?"
Hulle kry nog 'n maat, en nou's hulle drie.
Drie babavissies swem tussen die wier,
Hulle kry nog 'n maat, en nou's hulle vier.
Vier babavissies hou van dryf,
Hier kom nog 'n maat, en nou's hulle vyf.

Week 4

Storie: Getal 2-storie (met patroontemplaat vir Getal 2-fries)

Onthou julle dat van die diere saam wou woon en pret gehad het om hul huise langs mekaar te bou? Wie onthou nog aan wie die eerste huis behoort het? Dis reg – Olifant!

'n Familie wat die Sebras genoem word, bou toe hulle huis langs Olifant se huis. Die Sebras verf 'n groot 2 op hul huis se dak, want daar is twee van hulle.

Olifant is baie bly toe hulle hul huis bou, want nou is hy nie meer alleen nie.

Die Sebras se huis het twee deure en twee vensters. In die tuin is daar twee blomme, twee appelbome en twee bankies.

As hulle klaar gras onder die bome geëet het, speel die Sebras graag met hul twee sokkerballe en hou vir Olifant dop terwyl hy in die lug opkyk en sy twee groot ore flap.

Telrympie: Een, twee, drie, vier, vyf

Een, twee, drie, vier, vyf
Ek vang 'n vissie se blink lyf.
"Waarom het jy hom laat los?"
Want hy't gedink ek is sy kos!
Een, twee, drie, vier, vyf
Ek vang 'n padda wat daar dryf.
"En wat het jy toe gedoen?"
Ek tel hom op en gee hom 'n soen.

Liedjie: Sirkels

Begin heel bo
Swaai af na die grond toe
Swaai weer op ...
Al in die rondte!

Week 5

Telrympie: Vyf vrolike skilpaaie

Een stadige skilpad stap op 'n lekker dag,
Twee stadige skilpaaie dra 'n loodswaare vrag.
Drie stadige skilpaaie stop om te rus,
Vier stadige skilpaaie, niks kan hulle blus.
Vyf stadige skilpaaie draf op en af,
Vrolike klein skilpaaie is lekker laf.
(Klap hande op elke woord.)

Week 6

Storie: *Getal 3-storie (met patroontemplaar vir Getal 3-fries)*

Onthou julle dat van die diere in Getalleland bymekaar wou woon en pret gehad het om hul huise langs mekaar te bou?

Olifant se bure aan die een kant is die Sebras. Olifant het nie bure aan die ander kant nie.

Vrae:

- Waarom het die Sebras 'n groot 2 op hul huis se dak geveerf?
- Wie kan vir my sê wat die verskil tussen Olifant se huis en die Sebras se huis is?
- Wie dink julle behoort hul huis langs die Sebras se huis te bou? En hoeveel diere dink julle moet in daardie huis woon?

'n Familie van drie uitgegroeide broers wat die Meerkatte genoem word, bou volgende 'n huis in Getalleland. Die Meerkatte bou hul huis langs die Sebras se huis.

Dit is nie die eerste huis wat die Meerkatte bou nie. Toe hulle hul ouerhuis verlaat het omdat hulle groot genoeg was, het hulle hul eie huise gebou. Maar ongelukkig was hul eerste huise nie sterk genoeg nie. Die eerste Meerkat het vir homself 'n huis van gras gebou, en die tweede Meerkat het 'n huis van stokke gebou. Al het die derde Meerkat 'n huis van bakstene gebou, het hy nie geweet hy moet sement tussen die bakstene gebruik nie, en toe die jakkals kom, het hy al drie huise met sy geraas en geblaas omgewaai.

Die Meerkatte het besluit om 'n sterk huis langs die Sebras te bou, sodat hulle bure naby hulle kon hê om hulle veilig te laat voel. Hulle het ook na mekaar verlang toe hulle apart gewoon het, maar nou is hulle weer baie gelukkig omdat hulle drie beddens weer langs mekaar staan. Hulle is ook baie bly om drie ondergrondse tonnells, drie rotse en drie bosse in hul tuin te hê. Hulle gebruik hierdie dinge baie, want hulle hou daarvan om wegkruipertjie te speel. Hulle lê ook in die son op die rotse wanneer hulle koud kry.

Telliedjie: *Ek het 'n kleine kruywaentjie*

(op die wysie van *Mary had a little lamb*)
Ek het 'n kleine kruywaentjie, kruywaentjie,
kruywaentjie
Ek het 'n kleine kruywaentjie, ek laai dit vol met sand.
Ek maak dit vol met een graaf sand, een graaf sand, een graaf sand
Ek maak dit vol met twee grawe, ek maak dit vol met sand.
Ek maak dit vol met drie grawe, drie grawe, drie grawe
Ek maak dit vol met vier grawe, ek maak dit vol met sand.
Ek maak dit vol met vyf grawe, vyf grawe, vyf grawe
Ek maak dit vol met vyf grawe, en dan begin ek weer.

Week 7

Driehoekliedjie: *Dit is 'n driehoekie*

(op die wysie van *Row, row, row your boat*)
Hier is 'n driehoekie,
Moenie wegkyk nie!
Hier is drie hoeke, daar is drie sye.
Tel nou, een, twee, drie!

Telrympie: *Hoor my tel*

Ek kan tel, glo jy my nie?
Hier's my vingers – een, twee, drie.
Vier en vyf, dis hierdie hand,
Nou tel ek die ander kant.
Ses, sewe, agt en nege,
Nog net een, dit is 'n sege.
Die laaste vinger is nommer tien,
Ek tel hulle weer, jy sal sien.

Week 8

Dag-en-nag-liedjie: *Die son is in die lug*

(op die wysie van *The farmer's in the den*)
Die son is in die lug, die son is in die lug,
Warm skyn dit en gee vir ons lig,
Die son is in die lug.
Die maan is in die lug, die maan is in die lug,
Dis laat en koud, die vensters dig,
Die maan is in die lug.

Dag-en-nag-storie: *Malik maak 'n fout*

Malik is vas aan die slaap in sy bed. Hy het 'n heerlike droom, maar skielik word hy wakker en spring uit die bed uit.

“Ek gaan laat wees vir skool,” dink Malik bekommerd. “Ek beter gou maak.”

Hy borsel sy tande, trek sy klere aan en hardloop kombuis toe om sy ontbyt te eet.

Maar toe hy in die kombuis kom, is alles doodstil. Daar is geen ontbyt nie, en sy familie is ook nie daar nie.

“Wat gaan aan?” wonder Malik. “Waar is Mamma en Pappa? Waar is almal? En waar is my ontbyt?”

Malik gaan staan. Hy kyk rond. Alles is donker. Hy steek sy hand uit en skakel die lig aan.

Malik kyk rond. Wat gaan aan? Hy maak die gordyne oop en kyk buitentoe. Hy sien 'n pragtige maan en 'n klomp sterre.

“Iets is nie reg nie,” dink Malik. “As dit tyd is om skool toe te gaan, waarom is dit nog so donker buite?”

Malik luister na die geluide in die huis. Dit is so stil. Maar toe hoor hy iets wat hy goed ken – Pappa snork! Hy stap na die slaapkamer en sien dat Pappa vas aan die slaap is.

Mamma word wakker. “Wat gaan aan, Malik? Waarom het jy jou skoolklere aan? Dis die middel van die nag. Toe, gaan terug bed toe. Slaap tot dit oggend is,” sê sy en gee hom 'n stywe drukkie.

Malik klim terug in die bed. Hy doen nie eens moeite om weer sy slaapklere aan te trek nie. Hy raak gou aan die slaap, en toe hy wakker word, is dit oggend.

Malik gaan gou kombuis toe, en hierdie keer is alles normaal. Hy kan die son sien opkom, sy ontbyt is op die tafel en sy familie eet al.

Sommer gou roep Pappa: “Maak gou, almal, anders gaan die skooltaxi sonder ons ry.”

Die kinders hardloop saam met hul pappa deur toe. Malik glimlag. Alles is terug na normaal.

Week 9

Telliedjie: *Vyf klein woelwaters*

Vyf klein woelwaters speel in die bed
een val af en kry seer in die pret.

Hulle roep vir Mamma om hulle te kom red.

En die een klein woelwater word die bed belet.
(Herhaal vir vier, drie en twee.)

En van al die klein woelwaters bly een oor in
die bed.

Hy sug diep en slaap vas van te veel pret.

Week 10

Telrympie: *Taxi, taxi*

Taxi-drywer, taxi-drywer, sal jy vir ons stop?

Hou tog stil, dan klim ons op.

Ons is in 1, 2, 3, 4, 5.

Nou sit ons almal lekker styf.


Taxi-drywer, wag, laat ons sien.


Hier's nog plek vir 6, 7, 8, 9 en 10.

Nou's ons reg om te laat wiel!

Patroontemplate


Vingerpoppe (Week 1)






eer


—






2


twee






3


drie




Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 1




een




Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 2




twee




Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 3










drie




'n Kewer (insek) (Week 4)



Sirkels (Week 4)



Driehoek (Week 7)



Legkaart met ses stukke

